

**‘n VERGELYKING VAN BESTUURSPRAKTYKE
VAN DORPERBOERE IN 1990 TEENoor
DORPERBOERE IN 2004.**

E.M. van Niekerk

**Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die
graad van Magister in Landbou- en Bosbou Wetenskappe aan die
Universiteit van Stellenbosch**



Studieleier:

Dr. A.V. Ferreira

Desember 2005

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk bevat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nog nooit in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.



.....
E.M. van Niekerk

.....
Datum

SAMEVATTING

Titel:	‘n Vergelyking van bestuurspraktyke van Dorperboere in 1990 teenoor Dorperboere in 2004.
Kandidaat:	Elizabeth Maria van Niekerk
Studieleier:	Dr. A.V. Ferreira
Departement:	Veekundige Wetenskappe
Fakulteit:	Landbou en Bosbou Wetenskappe
Universiteit:	Stellenbosch
Graad:	M. Phil. Veebestuurskunde

Die Dorper is ‘n skaapras wat uitsluitlik geteel is vir die droë woestynagtige gebiede in Suid-Afrika. Die vleisras is baie gehard en aanpasbaar en word hoofsaaklik geteel om ‘n slaglam met goeie karkaseienskappe te produseer. Die sukses van Dorperskaapboerdery hang grootliks af van twee belangrike faktore waaroor die boer ten volle beheer het, naamlik kuddebestuur en teeltverbetering. Kuddebestuur hou verband met faktore soos voeding, paartyd en paringsmetodes en die hantering van diere en hul produkte. ‘n Paar goeie oogmerke van goeie kuddebestuur is onder andere ‘n hoë aanteeltempo, lae vrektes en ‘n algemene hoë prestasiepeil. Teeltvordering kan verkry word deur die gebruik van goeie ramme, die seleksie van oilammers as toekomstige aanteelooie, die uitskot van onekonomiese produseerders en die algemene toepassing van die regte teelpraktyke om sodoende die vleisproduksie en reproduksievermoë van die skaap te verbeter. In hierdie studie is ‘n vergelyking getref tussen die bestuurspraktyke (kuddebestuur sowel as teeltverbetering) wat Dorperboere in 1990 toegepas het teenoor die bestuurspraktyke toegepas deur Dorperboere in 2004. Vir hierdie doel is gebruik gemaak van navorsing wat gedoen is deur Ackermann (1993). Vraelyste is in 2004 na verskeie Dorperboere regoor Suid-Afrika uitgestuur om sodoende meer inligting te verkry oor hul bestuurspraktyke. Daar is gevind dat Dorperboere met ‘n naskoolse kwalifikasie in die landbou aansienlik toegeneem het van 1990 tot 2004 en dat al meer boere

van moderne (wetenskaplik beproefde) boerderypraktyke gebruik maak en nie meer die ou tradisionele metodes volg nie.



ABSTRACT

Title: A comparison between management practices of Dorper farmers in 1990 and 2004.

Candidate: Elizabeth Maria van Niekerk

Supervisor: Dr. A.V. Ferreira

Department: Animal Science

Faculty: Agriculture and Forestry Sciences

University: Stellenbosch

Degree: M.Phil. Animal Management

The Dorper Sheep species are exclusively bred for the dry arid conditions of some parts of South Africa. This species adapts easily and a prime lamb with great characteristics can be produced. There are two very important controllable factors regarding Dorper sheep farming namely herd management and cultivation. Herd management involves feeding, mating, mating methods and the handling of animals and their products. A few good objectives of herd management are the short breeding interval, low deaths and high performance rating. Genetic improvement can be achieved by using good rams, the selection of ewe-lambs as forthcoming breeding ewes, culling of uneconomic producers and the application of good breeding practices to improve meat production and reproduction. In this study a comparison is made between the management practices (herd management and cultivation) of Dorper farmers in 1990 and the management practices of Dorper farmers in 2004. For this aim the research of J.J. Ackermann (1990) was used. In 2004 questionnaires were sent to Dorper farmers throughout South-Africa to get more information about their management practices. The conclusion of the study was that there was an increase in tertiary qualification of Dorper farmers from 1990 to 2004 and that more farmers used modern practices instead of the old traditional methods.

INHOUDSOPGAWE

1. Persoonlike en Omgewingsfaktore wat Dorperboere beïnvloed	
1.1 Aard van Dorperboerdery	1
1.2 Ouderdom van Dorperboere	2
1.3 Opleiding	3
1.4 Strewes van Dorperskaapboere	4
1.5 Hindernisse	6
2. Voedings en Weiveldbestuurspraktyke en persepsies t.o.v die doeltreffendheid daarvan.	
2.1 Prikkelvoeding van ooie	7
2.2 Prikkelvoeding van ramme	9
2.3 Voeding van dragtige en lakterende ooie	11
3. Seleksiepraktyke en persepsies t.o.v die doeltreffendheid daarvan in Dorperskaapboerdery	
3.1 Eienskappe waarvoor geselekteer by Dorperskape	
3.1.1 Ooie	12
3.1.2 Ramme	13
3.2 Seleksie vir ouderdom	
3.2.1 Ooie	15
3.2.2 Ramme	17
3.3 Seleksie teen oorslaanooie	18
3.4 Seleksie teen meerlinge	19
3.5 Seleksie teen swak moedereienskappe	21
4. Teelpraktyke in Dorperkuddes	
4.1 Paring van Jongooie	22
4.1.1 Ouderdom waarop jongooie gepaar word	23
4.1.2 Paringsmassa van jongooie	24
4.1.3 Metodes om te verseker dat jongooie beset raak	25
4.2 Koggelramme	26
4.3 Bestuurspraktyke gedurende lamtyd	27
4.3.1 Skeiding van ooie met meerlinge van ooie met enkelinge	27
4.3.2 Toesighouding tydens lamtyd	28
5. Paringsfrekwensie en Kruisteling	
5.1 Paringsfrekwensie	29
5.1.1 Ramme voortdurend by ooie	30
5.1.2 Paring van ooie eenmaal per jaar	32
5.1.3 Drie maal paar elke twee jaar	34
6. Kruisteling	
6.1 Mate waartoe Dorperboere kruisteling toepas	37

6.1.1 Kruisteling	37
6.1.2 Suiwerteling van Dorperooie/ Nie – kruisteling	39
7. Kastrasie en Afronding	
7.1 Kastrasie van Ramlammers	41
7.2 Nie-Kastrasie van Ramlammers	44
7.3 Bemarking van Speenlammers	46
7.4 Behandeling van lammers voor bemarking	48
7.5 Bemarking van lammers direk van die moeder af	52
7.6 Bemarking van lammers direk van moeder, maar met kruipvoeding	54
7.7 Afronding van lammers na speen op die plaas of in 'n kommersiële voerkraal	56
8. Doeltreffendheid van Dorperskaapboerdery	
8.1 Fekunditeit	58
8.2 Speenpersentasies	59
8.3 Lamvrektes	60
9. Gevolgtrekking	63
10. Verwysings	66
11. Vraelys	68



PERSOONLIKE EN OMGEWINGSFAKTORE WAT DORPERBOERE BEÏNVLOED

1.1 Aard van Dorperboerdery

Die toepassing van sekere boerderypraktyke hang grootliks af van die aard van die Dorperboer se boerdery, met ander woorde of hy 'n stoet-, kudde- of kombinasie van stoet- en kuddeboerdery besit. 'n Voorbeeld deur Ackerman (1993) is dat 'n stoetboer kleur as 'n belangrike seleksie-eienskap in sy Dorperstoet mag beskou terwyl dieselfde seleksie-eienskap van minder belang in sy kommersiële kudde kan wees.

Vraelyste is aan 350 Dorperboere in Suid-Afrika uitgestuur en 20 persent van die boere het terugvoering gegee. In die vraelys is onderskei tussen kudde-, stoet- of kombinasie van kudde- en stoetboere en die bevindinge word in Tabel 1.1 aangetoon.

Tabel 1.1 Aard van die Dorperboerderye

Tipe boerdery	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Kuddeboer	102	78,5	8	12
Stoet en kudde	28	21,5	58	88
TOTAAL	130	100	66	100

Uit die gegewens in Tabel 1.1 blyk dit dat in 1990 78,5 persent van die respondente slegs kuddeboerdery beoefen het teenoor die 12 persent in 2004. Kombinasie van stoet- en kuddeboere het toegeneem van 21,5 persent in 1990 tot 88,0 persent in 2004.

Die afleiding kan gemaak word dat al hoe meer boere hulle daarop toespits om diere van besondere voortreflikheid te teel. Voortreflike teelmateriaal is dus gereedelik beskikbaar sodat kommersiële boere hul kuddes verder kan verbeter.

1.2 Ouderdom van Dorperboere

Ouderdom van respondente word deur verskeie navorsers (Van Zyl, 1962; Terblanche, 1967) as 'n belangrike eienskap geïdentifiseer om mee rekening te hou by die aanvaarding van praktyke. Volgens Kolbé (1965) neem die aantal verbeterde praktyke wat 'n boer aanvaar af met 'n toename in ouderdom. Daar bestaan egter 'n nie-liniêre verwantskap tussen ouderdom en nuwigheidsneigings (De Klerk *et al.*, 1983). Jonger en ouer boere is geneig om verbeterde praktyke later te aanvaar as die middel ouderdomsgroepe.

Die ouderdom van Dorperboere is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 1.2 aangetoon.

Tabel 1.2 Ouderdom van Dorperboere

Ouderdoms-kategorieë	Ackermann (1994)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
≤30	11	8,5	5	7,6
31-40	31	23,8	17	25,8
41-50	33	25,4	15	22,7
51-60	34	26,2	17	25,8
61-70	19	14,6	9	13,6
>70	2	1,5	3	4,5
TOTAAL	130	100	66	100

Volgens Tabel 1.2 is dit duidelik dat 42,3 persent van die respondente in 1990 ouer as 50 jaar was in vergelyking met die 43,9 persent in 2004. Hierteenoor was 49,2 persent tussen 30 en 50 jaar oud in 1994 teenoor die 48,5 persent in

2004. Respondente jonger as 30 jaar het afgeneem van 8,5 persent in 1994 tot 7,6 persent in 2004 terwyl respondente ouer as 60 jaar toegeneem het van 16,1 persent in 1990 tot 18,1 persent in 2004.

Bevindinge dui op 'n toename in die gemiddelde ouderdom van Dorperboere. Verskeie navorsers (Kolbé, 1965) het reeds bewys dat daar 'n negatiewe korrelasie bestaan tussen die ouderdom van boere en hul nuwigheidsgeneigdheid. Dit is dus duidelik dat 'n toenemende persentasie Dorperboere voortgaan met hul Dorperboerdery al het hulle reeds 'n ouderdom van 60 jaar bereik.

1.3 Opleiding

Heelwat navorsing is gedoen om die verband te bepaal tussen die vlak van opleiding van die boer en praktykaanvaarding. 'n Positiewe korrelasie is gevind tussen die vlak van opleiding en praktykaanvaarding (Kolbé, 1965; Rogers, 1983). Daar is gevind dat hoër vlakke van opleiding lei tot beter begripsvaardigheid by die respondente en 'n belofte van aanvaardingsgeneigdheid ten opsigte van wetenskaplik beproefde boerderypraktyke (Terblanche, 1987).

In die ondersoek is Dorperboere gevra na hul hoogste formele opvoedkundige kwalifikasie en die bevindinge word in Tabel 1.3 aangetoon.


Volgens Tabel 1.3 is dit duidelik dat die hoeveelheid respondente met 'n opleidingsvlak van matriek en laer afgeneem het van 63,0 persent in 1990 tot 34,4 persent in 2004. Respondente met 'n formele naskoolse kwalifikasie in die landbou het toegeneem van 23,8 persent in 1990 tot 37,3 persent in 2004. Hierdie kwalifikasies is in die vorm van 'n landboudiploma, 'n B.Agric.- of 'n B.Sc.Agric.-graad en verder.

Tabel 1.3 Opvoedkundige kwalifikasie van Dorperboere

Opvoedkundige kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
< Matriek	31	23,8	6	9,0
Matriek	51	39,2	17	25,4
St. 6-10 + ambag	5	3,8	1	1,5
St. 10 + diploma	2	1,5	9	13,4
Landboudiploma	29	22,3	19	28,3
B-graad of verder	10	7,7	9	13,4
B/B.Sc.Agric of verder	2	1,5	6	9,0
	130	100	67	100

1.4 Strewes van Dorperskaapboere

Elke mens het 'n innerlike dryfkrag wat hom motiveer om iets te bereik (Van Zyl, 1967). 'n Onderzoek is gedoen na die nagestreefde sowel as huidige bruto inkomste per Dorperooi. Die bevindinge word in Tabel 1.4 aangetoon.



Tabel 1.4 Bruto inkomste per Dorperooi

Gemiddelde jaarlikse bruto inkomste/ooi (Rand)	Ackermann (1990)	Van Niekerk (2004)
Huidige	R119,70	R393,50
Nagestreefde	R144,20	R465,40

Volgens die gegewens in Tabel 1.4 was die gemiddelde jaarlikse bruto inkomste in 1990 R119,70 per ooi terwyl die boere gestreef het na 'n gemiddelde jaarlikse bruto inkomste van R144,20 per ooi. Die gemiddelde jaarlikse bruto inkomste per ooi in 2004 was R393,50 teenoor die R465,40 waarna die boere gestreef het.

Deur die bevindinge met mekaar in verband te bring, kan die strewingsomvang (wat betref die jaarlikse bruto inkomste per Dorperooi) bepaal word. Die strewingsomvang in 1990 was R24,50 teenoor die R71,90 in 2004. Hierdie relatiewe groot strewingsomvang dui daarop dat die respondente al meer na 'n hoër vlak van prestasie streef.

Die nagestreefde lampersentasie, asook die voorafgaande lamseisoen se lampersentasie (uitgedruk as lammers gebore per 100 ooie gepaar) is volgens die gegewens van die Dorperboere ondersoek en die bevindinge word onderskeidelik in Tabele 1.5 en 1.6 aangetoon.

Tabel 1.5 Nagestreefde lampersentasie van Dorperboere

Lampersentasie	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
≤80	1	0,8	1	1,7
81-95	3	2,3	2	3,3
96-110	54	41,5	17	28,3
111-125	35	26,9	18	30,0
>125	37	28,5	22	36,7
TOTAAL	130	100	60	100

Die bevindinge in Tabel 1.5 en 1.6 dui daarop dat al meer boere 'n hoër lampersentasie (>110%) nastreef. Volgens bevindinge was die werklike lampersentasie in 2004 nooit bo 110% nie, teenoor die 36,1 persent wat wel 'n lampersentasie van >110% gehad het in 1990. Van die Dorperboere het 56,9 persent in 2004 'n lampersentasie van tussen 81-95% gehad (Tabel 1.6). Hierdie laer lampersentasie kan moontlik toegeskryf word aan die droogtetoestande wat oor die land geheers het.

Die bevindinge dui daarop dat die respondente na 'n hoër lampersentasie streef en hierdie strewe kan as 'n positiewe krag gesien word in die verandering van die betrokke respondente se gedrag.

Tabel 1.6 Die werklike lampersentasie (volgens gegewens) van Dorperboere se skape

Lampersentasie	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
≤80	9	6,9	4	6,9
81-95	33	25,5	33	56,9
96-110	41	31,5	21	36,2
111-125	35	26,9	0	0
>125	12	9,2	0	0
TOTAAL	130	100	58	100

1.5 Hindernisse

Die aard en omvang van hindernisse wat in die pad staan van doelwitbereiking moet noukeurig bepaal word voordat strategieë ontwikkel kan word om dit uit die weg te ruim (De Klerk *et al.*, 1983; Terblanche, 1987).

Verskeie hindernisse is geïdentifiseer in die poging om die doeltreffendheid van die Dorperskaapboerdery te verhoog. Volgens bevindinge is die volgorde van afnemende belangrikheid soos volg:

- 1 – Droogtes (25,7%)
- 2 – Arbeid (14,8%)
- 3 – Voedingsprobleme (12,6)
- 4 – Ander* (9,8)
- 5 – Teel- en Seleksieprobleme (9,3%)

- 6 – Siekte- en Siektebeheerprobleme (8,2%)
- 7 – Diefstal (7,1%)
- 8 – Swak toekoms vir vleisbedryf (4,9%)
- 9 – Finansiële probleme (4,4%)
- 10 – Bestuursprobleme (3,3%)

*Ander hindernisse wat deur die boere geïdentifiseer is, is onder andere grondhervorming, ongediertes, veldbrande, muggie-aanvalle, vrugbaarheid en bemarking.

Die bevindinge dui daarop dat droogtes (25,7%) en arbeid (14,8%) as die twee belangrikste hindernisse op die weg na 'n verhoging van doeltreffendheid geïdentifiseer is. Die aanplant van droogtebestande voergewasse, verbeterde weiveldbestuur, laer veebeladings op die veld en verbeterde kennis en bestuur in die algemeen kan daartoe lei dat die impak van droogtes verminder kan word (Ackermann, 1994).



VOEDINGS- EN WEIVELDBESTUURSPRAKTYKE EN PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN DIE DOELTREFFENDHEID DAARVAN

2.1 Prikkelvoeding van ooie

Prikkelvoeding gaan gepaard met 'n verhoging van die voedingspeil van diere net voor paring om die lampersentasie te verhoog (Van der Merwe & Smith, 1991). 'n Toename in die voedingspeil van ooie gedurende die laaste drie weke voor paring veroorsaak 'n massatoename en dit lei tot 'n verhoging in die ovulasietempo en gevolglik ook die lampersentasie (Coetzee, 1989). Prikkelvoeding is nie noodwendig byvoeding nie, ooie kan ook 'n paar weke voor paring in beter weidingstoestande of in spaarkampe geplaas word om beter resultate te verseker.

Ondersoek is ingestel na die mate waartoe Dorperboere prikkelvoeding aan hul ooie gee voor paartyd en die bevindinge word in Tabel 2.1.1 aangetoon.

Tabel 2.1.1 Mate waartoe Dorperboere prikkelvoeding aan ooie voor paartyd gee

Toepassings-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Ja	39	30,0	24	36,9
Gedeeltelik of Soms	57	43,8	23	35,4
Nee	34	26,2	18	27,7
TOTAAL	130	100	65	100

Volgens die bevindinge in Tabel 2.1.1 het die hoeveelheid respondente wat wel prikkelvoeding op 'n gereelde basis aan hul ooie gee, toegeneem van 30,0 persent in 1990 tot 36,9 persent in 2004. Die aantal respondente wat slegs gedeeltelik of soms prikkelvoeding aan hul ooie gee, het afgeneem van 43,8 persent in 1994 tot 35,4 persent in 2004. Die afleiding kan gemaak word dat al minder respondente hul laat lei deur die omstandighede waaronder paring plaasvind. Slegs 26,2 persent van die respondente in 1990 en 27,7 persent in 2004 het aangetoon dat hul glad nie prikkelvoeding aan hul ooie gee nie.

Ondersoek is in 2004 gedoen oor hoe en wanneer prikkelvoeding aan ooie gegee word en die bevindinge word in Tabel 2.1.2 aangetoon.

Volgens die bevindinge in Tabel 2.1.2 gee die meerderheid Dorperboere (43,1%) goeie veldweiding sowel as byvoeding sodat ooie drie weke voor paring asook gedurende paartyd in massa sal toeneem. Van die respondente pas 27,7 persent geen prikkelvoeding toe nie.

Tabel 2.1.2 Toepassing van prikkelvoeding

Toepassing	Van Niekerk (2004)	
	Getal	%
Goeie veldweiding plus byvoeding wat sodanig is dat ooie vanaf ongeveer 3 weke voor en ook gedurende paartyd in massa sal toeneem.	28	43,1
Dieselfde as bg, gee minder byvoeding maar daar is tog 'n geringe massatoename by die ooie.	10	15,4
Voeding (veld en byvoeding) is sodanig dat ooie se massa voor en gedurende paartyd slegs gehandhaaf word.	7	10,7
Pas prikkelvoeding gedeeltelik, maar onvoldoende toe.	2	3,1
Pas geen prikkelvoeding toe nie.	18	27,7
Totaal	65	100

2.2 Prikkelvoeding van Ramme

Ramme word oor die algemeen teen 'n lae verhouding (2-5%) tussen ooie geplaas tydens dektyd en daarom is dit van groot belang dat die betrokke ramme in 'n goeie fisiese toestand moet wees (Ackermann, 1993).

Ondersoek is ingestel na die mate waartoe Dorperboere prikkelvoeding aan ramme voor paartyd gee en die gegewens word in Tabel 2.2.1 aangetoon.

Volgens die gegewens in Tabel 2.1.1 het die aantal respondente wat prikkelvoeding aan hul ramme gee, toegeneem van 50,0 persent in 1990 tot 61,7 persent in 2004. Die aantal respondente wat geen prikkelvoeding aan hul ramme gee nie, het afgeneem van 25,4 persent in 1990 tot 11,7 persent in 2004. Dit dui daarop dat boere al meer die belangrikheid van prikkelvoeding by hul teelramme besef. Die aantal respondente wat prikkelvoeding op 'n gereelde

basis gee (2004), styg van 36,9 persent by die ooie (Tabel 2.1.1) tot 61,7 persent by die ramme (Tabel 2.2.1). Die afleiding kan gemaak word dat respondente die belang van prikkelvoeding as van groter waarde by die ramme as by die ooie beskou.

Tabel 2.2.1 Mate waartoe Dorperboere prikkelvoeding aan Dorperramme voor paartyd gee.

Toepassings-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Ja	65	50,0	37	61,7
Gedeeltelik of Soms	32	24,6	16	26,7
Nee	33	25,4	7	11,7
TOTAAL	130	100	60	100

Ondersoek is in 2004 gedoen oor hoe en wanneer prikkelvoeding aan die teelramme gegee word en die bevindinge word in Tabel 2.2.2 getoon.

Tabel 2.2.2 Toepassing van prikkelvoeding aan teelramme.

Toepassing	Van Niekerk (2004)	
	Getal	%
Byvoeding aan ramme 2-3 maande voor paartyd om goeie spermontwikkeling te verseker.	21	32,3
Byvoeding aan ramme vanaf 3 weke voor paring sodat hulle in 'n groeiende toestand verkeer, maar nie oorvet word nie.	24	36,9
Redelike veldtoestande tesame met 'n bietjie byvoeding verseker dat ramme in redelike kondisie verkeer en liggaamsmassa handhaaf.	14	21,6
Gee geen byvoeding nie.	6	9,2
Totaal	65	100

Volgens die bevindinge in Tabel 2.2.2 gee die meeste Dorperboere (36,9%) byvoeding aan hul teelramme vanaf drie weke voor paring sodat hulle in 'n groeiende toestand verkeer, maar nie oorvet word nie. Twee en dertig persent van die respondente gee al 2-3 maande voor paartyd byvoeding aan hul teelramme om goeie spermontwikkeling te verseker. Slegs 9,2 persent van die respondente het aangetoon dat hul geen byvoeding aan hul ramme voor paartyd gee nie.

2.3 Voeding van dragtige en lakterende ooie

Volgens Spedding (1970) kan die voeding van die ooi tydens laat dragtigheid die aantal lammers gebore beïnvloed, veral in ekstensiewe weistreke met 'n lae reënval waar die veldtoestande tydens dragtigheid en laktasie nie optimaal is nie. Die voeding van die Dorperooi is van groot belang tydens die laaste 40 tot 50 dae van dragtigheid en dit het 'n groot invloed op die grootte en lewenskragtigheid van die lam by geboorte (Van der Merwe, 1988).

Ondersoek is ingestel na die mate waartoe respondente voeding en byvoeding aan hul dragtige en lakterende ooie gee en die bevindinge word in Tabel 2.3.1 aangetoon.

Volgens bevindinge het die aantal produsente wat hul dragtige en lakterende ooie in spaarveld jaag en nou en dan byvoeding verskaf, toegeneem van 26,2 persent in 1990 tot 39,1 persent in 2004. Die aantal produsente wat spesiale aandag aan hul laat dragtige en lakterende ooie gee en wat hulle in goeie spaarveld jaag tesame met gereelde byvoeding, het toegeneem van 1,5 persent in 1990 tot 27,5 persent in 2004. Die afleiding kan gemaak word dat al meer Dorperboere tot die besef kom dat spaarveld alleen nie voldoende voeding verskaf vir die behoeftes van dragtige en lakterende ooie nie en dat byvoeding goeie resultate lewer.

Tabel 2.3.1 Voeding en Byvoeding van dragtige en lakterende ooie

Kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Gee geen spesiale aandag aan voeding	2	1,5	1	1,5
Ooie kom op veld alleen klaar	11	8,5	7	10,1
Jaag ooie in spaarveld, geen spesiale aandag	81	62,3	15	21,7
Spaarveld en byvoeding nou en dan	34	26,2	27	39,1
Spesiale aandag, byvoeding en spaarveld	2	1,5	19	27,5
TOTAAL	130	100	69	100

SELEKSIEPRAKTYKE EN PERSEPSIES T.O.V. DIE DOELTREFFENDHEID DAARVAN IN DORPERSKAAPBOERDERY.

3.1 EIENSKAPPE WAARVOOR GESELEKTEER WORD BY DORPERSKAPPE

3.1.1 Ooie


'n Streng stelsel van keuring en seleksie is 'n belangrike vereiste in kuddeteling (Jordaan, 1968). Dorperboere is gevra na die belangrikste seleksie-eienskappe, in volgorde van afnemende belangrikheid, waarvoor geselekteer word by hul teelooie. Die bevindinge word in Tabel 3.1.1 aangetoon.

Volgens die bevindinge in Tabel 3.1.1 selekteer 'n groot aantal respondente vir vrugbaarheid (26,9 persent in 1990 en 31,0 persent in 2004). Volgens Campbell (1983) is vrugbaarheid van kardinale belang aangesien reproduksie in 'n groot mate die winsgewendheid van Dorperskaapboerdery bepaal. Die aantal respondente wat vir gehardheid en aanpasbaarheid selekteer, het toegeneem

Tabel 3.1.1 Eienskappe waarvoor geselekteer word by Dorperooie

Seleksie-eienskap	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Tipe	3	6,2	4	11,9
Bouvorm en grootte	1	54,6	3	21,7
Vrugbaarheid	2	26,9	1	31,0
Gehardheid/Aanpasbaarheid	4	6,1	2	23,1
Kleur	5	4,6	8	0,4
Vetverspreiding	6	0,8	5	8,2
Bedekking	7	0,0	7	1,2
Ander	6	0,8	6	2,4
TOTAAL		100		100

van 6,1 persent in 1990 tot 23,1 persent in 2004. 'n Moontlike rede hiervoor kan die gevolg van die langdurige droogtes wees. Kleur, vetverspreiding en bedekking is laag op die lys van seleksie-eienskappe en word as relatief onbelangrik beskou.



3.1.2. Ramme

Ten opsigte van die kudde-dorperramme is ondersoek ingestel na die belangrikste seleksie-eienskappe, in volgorde van afnemende belangrikheid, waarvoor geselekteer word en die bevindinge word in Tabel 3.1.2 aangetoon.

Uit Tabel 3.1.2 is dit duidelik dat die vier belangrikste seleksie-eienskappe waarvoor geselekteer word by ramme dieselfde gebly het oor die laaste veertien jaar, nl. Bouvorm en grootte as belangrikste seleksie-eienskap, vrugbaarheid wat tweede staan en dan Vleiseienskappe en Tipe as derde en vierde belangrikste seleksie-eienskappe.

Tabel 3.1.2 Eienskappe waarvoor geselekteer word by Dorperramme

Seleksie-eienskap	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Kleur	5	2,3	9	1,3
Vetverspreiding	6	1,5	6	4,0
Bouvorm en grootte	1	70,8	1	26,8
Vrugbaarheid	2	10,0	2	25,0
Geboortestatus	8	0,0	5	5,6
Tipe	4	6,2	4	14,1
Vleiseienskappe	3	8,5	3	17,6
Bedekking	8	0,0	7	3,6
Ander*	7	0,8	8	2,0
TOTAAL		100		100

By die vasstelling van tipe word die meeste nadruk gelê op die bouvorm, grootte en vetverspreiding van die ram, terwyl kleur en bedekking van sekondêre belang is. Tipe kan dus beskou word as 'n meer omvattende term wat 'n wye reeks eienskappe van meerdere en mindere belang insluit (Ackermann, 1993).

*Ander seleksie-eienskappe wat deur die respondente gebruik word, sluit in die reproduksie van die moeder, die groeisnelheid van die ram en die seleksie-indeks van die betrokke ram by die veldramklub.


Dit is van groot belang vir Dorperboere om van goeie gehalte teelramme gebruik te maak. Die genetiese potensiaal bepaal die teelwaarde of gehalte van 'n ram (De Klerk *et al.*, 1983) en hierdie waarde bepaal die prys wat die ramkoper bereid is om vir 'n ram te betaal. Ondersoek is gedoen na die gemiddelde prys wat Dorperboere vir hul kudderamme betaal en die bevindinge word in Tabel 3.1.3 aangetoon.

Tabel 3.1.3 Gemiddelde prys van Dorperboere se kudde ramme

	Ackermann (1990)	Van Niekerk (2004)
Prys (R/ram)	R682,80	R3142,00

Die prys wat Dorperboere bereid is om vir hul kudde ramme te betaal, het aansienlik toegeneem oor die laaste 14 jaar (R682,80 in 1990 tot R3142,00 in 2004). Die relatief lae pryse in 1990 moet gesien word teen die agtergrond van die swak finansiële posisie waarin Dorperboere hul bevind het a.g.v. die langdurige droogtes. Na aanleiding van die relatief hoë pryse in 2004 kan die afleiding gemaak word dat Dorperboere ramme aankoop van goeie gehalte en met goeie teelwaardes. Hierdie ramme behoort nie net te verseker dat die bestaande peil van voortreflikheid in 'n kudde gehandhaaf word nie, maar behoort dit in werklikheid te verbeter.

In die ondersoek tydens 2004 is gevind dat slegs 26 persent van die respondente hul kudde ramme by ramtelers aankoop terwyl 74 persent van die respondente hul eie ramme teel. Die gemiddelde waarde wat die boer dan op sy eie ramme plaas is R2588 per ram.



3.2 SELEKSIE VIR OUDERDOM

3.2.1 Ooie

Volgens Cloete en De Villiers (1987) het ooi-ouderdom 'n definitiewe invloed op reproduksie. Lammers gebore en gespeen per 100 ooie gepaar neem toe tot op die ouderdom van vyf tot ses jaar, waarna dit neig om af te neem. Ondersoek is ingestel na die belangrikste metodes waarvolgens Dorperboere vir ouderdom by hul kudde-ooie selekteer en die bevindinge word in Tabel 3.2.1.1 aangetoon.

Tabel 3.2.1.1 Metodes wat Dorperboere gebruik om kudde-ooie vir ouderdom uit te skot.

Uitskotkategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Geen seleksie vir ouderdom	0	0,0	2	2,3
Visueel volgens konstitusie	3	2,3	7	8,0
Slytasie van tande	65	50,0	12	13,6
Slytasie van tande en konstitusie	59	45,4	53	60,2
Volgens geboortedatum	3	2,3	14	15,9
TOTAAL	130	100	88	100

Die gegewens in Tabel 3.2.1 toon dat die aantal respondente wat volgens die telingsvoorskrifte vir optimale teeltvordering selekteer, nl. die gebruik van die geboortedatum van die ooie, toegeneem het van slegs 2,3 persent in 1990 tot 15,9 persent in 2004. Die aantal respondente wat slegs na die slytasie van die tande kyk, het afgeneem van 50,0 persent in 1990 tot 13,6 persent in 2004. Dit is 'n positiewe afname, aangesien ooie in 'n droogtesituasie se tande alreeds op 'n relatief jong ouderdom in so 'n mate geslyt kan wees dat sy nie behoorlik kan vreet nie (Ackermann, 1993). Respondente wat hul ooie uitskot deur te let na die slytasie van die tande sowel as die konstitusie van die ooi het toegeneem van 45,4 persent in 1990 tot 60,2 persent in 2004. Redelik doeltreffende seleksie is met laasgenoemde metode moontlik, maar die reproduksie van die ooi mag alreeds begin afneem voordat sy volgens die visuele tekens van hoë ouderdom (slytasie van tande en swak konstitusie) uitgeskot word (Ackermann, 1993).

Die doeltreffendheid van seleksie vir ouderdom by dorperooie het 'n bepalende invloed op die jaarlikse vervangingspersentasie in 'n kudde. Hierdie jaarlikse vervangingspersentasie het 'n bepalende invloed op die aantal ouderdomsgroepe in 'n kudde (Kotzé, *et al.*, 1977). 'n Hoër jaarlikse vervangingspersentasie lei tot minder ouderdomsgroepe, 'n gevolglike laer gemiddelde ouderdom van die teelkudde en vinniger genetiese vordering.

Ondersoek is ingestel na die persentasie kudde-dorperooie wat na afloop van die vorige lamseisoen vir ouderdom en ander probleme uitgeskot is en die gegewens word in Tabel 3.2.1.2 aangetoon.

Tabel 3.2.2 Persentasie kudde-ooie uitgeskot vir ouderdom en ander probleme

Uitskotkategorieë (%)	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
≤10	52	40,0	19	29,2
11-20	64	49,2	40	61,5
21-30	12	19,2	6	9,2
>30	2	1,5	0	0,0
TOTAAL	130	100	65	100

Die gegewens in Tabel 3.2.2 dui aan dat 'n groot aantal respondente jaarliks tussen 11-20 persent van hul kudde-ooie uitskot op grond van ouderdom en ander probleme. 'n Relatief groot getal respondente het 10 persent en minder ooie na afloop van die vorige lamseisoen uitgeskot (40 persent in 1990 en 29,2 persent in 2004). Van die respondente is deur ernstige droogtetoestande gekniehalter en hierdie boere se kuddegetalle was oor die algemeen baie laag.

3.2.2 Ramme

Seleksie vir ouderdom by ramme is van groot belang aangesien dit 'n invloed op die generasie-interval en gevolglik ook op die seleksievordering het (Terblanche, 1987). Ondersoek is ingestel na die seleksie vir ouderdom by kudde-dorperramme en die bevindinge word in Tabel 3.2.2 aangetoon.

Volgens die gegewens in Tabel 3.2.2 het die aantal respondente wat hul ramme uitskot deur te let na die slytasie van die tande, afgeneem van 53,1 persent in 1990 tot slegs 8,5 persent in 2004. Dit is weereens 'n positiewe afname, aangesien die ramme se tande in droogtetoestande op 'n relatief jong ouderdom

Tabel 3.2.2 Metodes wat Dorperboere gebruik om kudderamme vir ouderdom uit te skot.

Uitskotkategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Geen seleksie vir ouderdom	1	0,8	0	0,0
Visueel volgens konstitusie	10	7,7	6	7,3
Slytasie van tande	69	53,1	7	8,5
Slytasie van tande, konstitusie en ouderdom	45	34,6	44	53,7
Volgens telingsvoorskrifte	5	3,8	25	30,5
TOTAAL	130	100	82	100

so geslyt kan wees dat hy nie behoorlik kan vreet nie. Daar is 'n groot toename in die aantal respondente wat ramme uitskot o.g.v. telingsvoorskrifte vir optimale teelvordering. Die afleiding kan gemaak word dat al meer boere slegs van ramme gebruik maak met hoë genetiese potensiaal en hoë teelwaardes en sodoende vinniger genetiese vordering teweeg bring.

3.3 Seleksie teen oorslaanooie

Volgens Terblanche (1987) sal 'n boer wat oorslaanooie by die ram sit minder lammers produseer per 100 ooie gepaar as 'n boer wat sy oorslaanooie kundig uitskot. Hy het ook gevind dat seleksiepraktyke om onvrugbare ooie uit te skakel, 'n veranderlike is wat 'n belangrike invloed op lam- en speenpersentasie het. Volgens Cloete & De Villiers (1987) behoort seleksie vir ooie met meerlinge meer doeltreffend te wees in die lewenslange verhoging van reproduksie as seleksie teen oorslaanooie, maar seleksie moet nogtans daarop toegespits wees om ooie wat hul lammers verloor of oorslaan, te identifiseer. Onderzoek is ingestel na die metodes wat Dorperboere toepas om onvrugbare ooie te identifiseer en uit te skot en die bevindinge word in Tabel 3.3.1 aangetoon.

Tabel 3.3.1 Metodes wat Dorperboere toepas om oorslaanooie te identifiseer en uit te skot

Seleksie-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Geen seleksie teen oorslaanooie	1	0,8	1	1,3
Prul oorslaanooie in geringe mate	18	13,8	4	5,1
Identifiseer oorslaanooie na lamseisoen, skot dan uit	49	37,7	21	26,9
Merk oorslaanooie, skot uit na 2e kans	56	43,1	39	50,0
Skakel oorslaanooie volgens reproduksierekords uit	6	4,6	13	16,7
TOTAAL	130	100	78	100

Uit Tabel 3.3.1 is dit duidelik dat die aantal respondente wat in staat is om oorslaanooie volgens reproduksierekords uit te skot, aansienlik toegeneem het van 4,6 persent in 1990 tot 16,7 persent in 2004. Die boere wat hul oorslaanooie merk en na die tweede kans uitskot, het toegeneem van 43,1 persent in 1990 tot 50,0 persent in 2004. Ooie wat na die tweede lamgeleentheid weer oorgeslaan het, is bloot 'n passasier en nie lonend in die kudde nie. Die aantal respondente wat hul oorslaanooie uitskot na die eerste lamseisoen het afgeneem van 37,7 persent in 1990 tot 26,9 persent in 2004. Volgens Cloete & De Villiers (1987) moet ooie slegs uitgeskot word as hulle goed uitgegroeï en in 'n goeie kondisie was voor paring en daar van vrugbare en dekbehendige ramme gebruik gemaak is.

3.4 Seleksie vir meerlinge

Die twee vernaamste metodes om fekunditeit (vermoë om meerlinge te produseer) te verhoog is seleksie op grond van moederrekords en seleksie op grond van eie prestasie (Coetzee, 1991). Die mees algemene metode van

seleksie t.o.v. die rekord van die moeder is die gebruik van die geboortestatus van die potensiële teelooi as seleksiemaatstaf om reproduksie in 'n kudde te verhoog (Ackermann, 1993). Volgens Bindon & Piper (1979) het fekunditeit 'n hoë herhaalbaarheid (4-28%) en oorerflikheid (4-26%) en behoort seleksie vir meerlinge doeltreffend te wees. Onderzoek is ingestel na die mate waartoe Dorperboere meerlinge verkies en die bevindinge word in Tabel 3.4.1 aangetoon.

Tabel 3.4.1 Die mate waartoe Dorperboere meerlinge verwelkom

Kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Ja	75	63,0	56	88,9
Nee	44	37,0	7	11,1
TOTAAL	119	100	63	100

Volgens die gegewens in Tabel 3.4.1 het die aantal respondente wat ten gunste van meerlinge is toegeneem van 63,0 persent in 1990 tot 88,9 persent in 2004. Verdere ondersoek is ingestel na die belangrikste redes waarom Dorperboere nie meerlinge verkies nie en die bevindinge word in Tabel 3.4.2 aangetoon.

Volgens die gegewens in Tabel 3.4.2 is die belangrikste rede waarom sekere Dorperboere nie meerlinge verwelkom nie omdat hulle van mening is dat 'n Dorper net een lam ordentlik kan grootmaak en dat meerlinglammers 'n lewenslange agterstand het. Die aantal respondente wat van mening is dat daar 'n hele aantal lammers hant grootgemaak moet word met hierdie praktyk, het afgeneem van 20,0 persent in 1990 tot slegs 6,4 persent in 2004. 'n Relatief groot aantal respondente het aangedui dat 'n Dorperooi net een lam ordentlik kan grootmaak (51,1 persent in 1990 en 38,3 persent in 2004).

Tabel 3.4.2 Belangrikste rede waarom Dorperboere nie meerlinge verwelkom nie.

Redes	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Dorper kan net 1 lam ordentlik grootmaak	23	51,1	18	38,3
Meerlinge het 'n lewenslange agterstand	8	17,8	20	42,6
Ekstra tyd en aandag aan meerlinge nie moeite werd	5	11,1	6	12,8
Hele aantal lammers moet hans grootgemaak word	9	20,0	3	6,4
TOTAAL	45	100	47	100

3.5 Seleksie teen swak moederseenskappe

Moederseenskappe is gesetel in die vermoë en drang van die ooi om haar lam groot te maak (Terblanche, 1987). Volgens die ouditeur beskik ooië met speen-, uier- of melkgebreke asook ooië met 'n herhalende neiging om hul lammers weg te gooi, oor swak moederseenskappe. Hy het ook gemeld dat daar 'n hoogs betekenisvolle verwantskap bestaan tussen die seleksie vir moederseenskappe en die persentasie ooië wat gelam het (ook met die speenpersentasie). Dus behoort die relatief goeie seleksie teen sulke ooië in die geval van Dorperboere in die speenpersentasie gereflekteer te word.

Ondersoek is ingestel na die metodes wat Dorperboere gebruik om teen ooië met swak moederseenskappe te selekteer en die resultate word in Tabel 3.5.1 aangetoon.

Tabel 3.5.1 Metodes wat Dorperboere gebruik om teen swak moederseienskappe te selekteer.

Seleksie-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Skot nie vir swak moederseienskappe uit nie	13	11,3	3	4,2
Identifiseer in geringe mate ooie met uiergebreke en wat lam weggooi en skot ooi uit	23	20,0	20	27,8
Merk ooie met uiergebreke en wat lammers weggooi, skot ooi uit	74	64,3	31	43,1
Streng toesig, merk ooie met uiergebreke en wat lam weggooi en skot beide die ooi en lam uit.	5	4,3	18	25,0
TOTAAL	115	100	72	100

Volgens die gegewens in Tabel 3.5.1 het die aantal respondente wat streng toesig hou tydens lamtyd, alle ooie met uiergebreke en die wat lammers weggooi, merk en dan die ooi sowel as haar lammers uitskot, toegeneem van 4,3 persent in 1990 tot 25,0 persent in 2004. Die aantal respondente wat glad nie vir moederseienskappe selekteer nie, het afgeneem van 11,3 persent in 1990 tot 4,2 persent in 2004.

TEELPRAKTYKE IN DORPERKUDDES

4.1 PARING VAN JONGOOIE

Jongooie wat in 'n kudde opgeneem word, moet so spoedig moontlik begin reproduseer om 'n inkomste te genereer vir die boer en daarom is die paring

van jongooie 'n baie belangrike aktiwiteit vir die Dorperboer. Die ouderdom waarop sodanige jongooi vir die eerste maal gepaar word, asook die maatreëls wat getref word om te verseker dat sy suksesvol gedek word, is dus van groot belang vir die Dorperboer (Ackermann, 1993).

4.1.1 Ouderdom waarop jongooie gepaar word

Verskeie navorsers stem ooreen dat ooie so jonk as moontlik gepaar moet word aangesien dit 'n belangrike bydrae maak tot die genetiese vordering in die kudde. Vanuit die oogpunt van genetiese vordering is dit van groot belang dat tweetand-ooie lam aangesien dit verseker dat die jongste ooi-groep in die teelkudde 'n jaar jonger is as wat andersins die geval sou wees (Terblanche, 1987). 'n Ondersoek is gedoen ten opsigte van die ouderdom waarop jongooie vir die eerste maal gepaar word en die bevindinge word in Tabel 4.1.1 aangetoon.

Tabel 4.1.1 Die ouderdom waarop Dorperboere hul jongooie vir die eerste maal paar.

Ouderdomskategorieë (maande)	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Paar nie jongooie	1	0,8	0	0,0
≤7	7	5,4	2	3,1
8-9	36	27,7	25	38,5
10-11	45	34,6	24	36,9
12-13	33	25,4	9	13,8
>13	8	6,2	5	7,7
TOTAAL	130	100	65	100

Uit Tabel 4.1.1 is dit duidelik dat die aantal respondente wat hul jongooie vir die eerste maal voor 12 maande ouderdom paar, toegeneem het van 67,7 persent in 1990 tot 78,5 persent in 2004. Dit staaf dus die stelling dat 'n jongooi so gou

moontlik moet reproduseer om sodoende 'n inkomste te genereer en al meer boere pas hierdie praktyk toe. Die gemiddelde ouderdom waarop jongooitjies gepaar word was in beide 1990 en 2004 tien maande.

4.1.2 Paringsmassa van jongooie

Die belangrikste faktor wat bepaal of 'n jongooi bronstig sal raak, is haar liggaamsmassa en nie haar ouderdom nie. Volgens Ferreira (2001) is die minimum massa (kritiese liggaamsmassa) wat jongooie moet bereik om op 12 of 18 maande ouderdom gepaar te word onderskeidelik 60 en 80 persent van die volwasse ooi se massa. Ondersoek is ingestel na die kennis van Dorperboere ten opsigte van die minimum massa (as persentasie van die volwasse liggaamsmassa) wat jongooie moet bereik voordat hul suksesvol gepaar kan word en die bevindinge word in Tabel 4.1.2 aangetoon.

Tabel 4.1.2 Kennis van Dorperboere t.o.v. die minimum massa (uitgedruk as persentasie van volwasse liggaamsmassa) waarop jongooie suksesvol gepaar kan word.

Massa-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
<60%	16	12,3	38	58,5
60-65%	29	22,3	22	33,9
>65%	85	65,4	5	7,7
TOTAAL	130	100	65	100

Volgens die bevindinge in Tabel 4.1.2 is dit duidelik dat die respondente se kennis in hierdie verband redelik goed is. Indien die tweetand-ooie egter eers op 10 maande ouderdom gepaar word, behoort hierdie jong ooie onder normale toestande reeds 'n massa van minstens 60 persent van die volwasse liggaamsmassa te bereik het. Kennis van die minimum paringsmassa is dus in hierdie geval nie so krities aangesien dit blyk dat die jongooie reeds die kritiese

liggaamsmassa sal bereik indien hulle eers op 10 maande ouderdom gepaar sou word (Ackermann, 1994).

4.1.3 Metodes om te verseker dat jongooie beset raak

Navorsing deur Cloete (1990) dui daarop dat 'n jongooi (tweetandouderdom) wat nog nie 'n lam gespeen het nie, in later jare tot soveel as 15 persent minder lammers per paring speen as hul tydgenote. Daarom is dit van groot belang om te verseker dat jongooie beset raak.

Volgens Tabel 4.1.1 paar die meeste Dorperboere (78,5 persent in 2004) hul jongooie reeds voor 'n ouderdom van 12 maande. Dit is dus duidelik dat dit vir hierdie boere belangrik is dat hul jongooie so gou moontlik moet begin reproduseer ten einde 'n inkomste te genereer. Die vraag ontstaan in watter mate die respondente verseker dat die jongooie wel suksesvol gedek word. Onderzoek is ingestel na die doeltreffendheid waarvolgens jongooie gepaar word en die gegewens word in Tabel 4.1.3 aangetoon.

Volgens die bevindinge in Tabel 4.1.3 het die aantal respondente wat iets daadwerkliks doen om te sorg dat hul jong Dorperooitjies doeltreffend gepaar word, toegeneem van 67 persent in 1990 tot 88 persent in 2004. Die pogings wat aangewend word om te verseker dat die jongooie doeltreffend gepaar word, sluit in:

- Paar alle jongooitjies apart op die veld en gee geringe byvoeding waar nodig.
- Paar net die grootste ootjies. Spaarveld of prikkelvoeding waar nodig.
- Verseker dat liggaamsmassa ten minste 65-75% van die volwasse liggaamsmassa is en gee prikkelvoeding
- Kombinasie van laasgenoemde en paring met meer en ouer ramme.

Tabel 4.1.3 Doeltreffendheid waarvolgens Dorperboere hul jongooie paar om te verseker dat hulle beset raak

Doeltreffendheids-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Paar nie jongooie nie	1	0,8	0	0,0
Doen niks	42	32,3	9	12,0
Paar jongooie apart op veld	20	15,4	15	20,0
Paar net grootste ooitjies	40	30,8	10	13,3
Massa van ooitjies reg, gee prikkelvoeding	23	17,7	12	16,0
Massa van ooitjies reg, gee prikkelvoeding, ouer ramme	4	3,1	29	38,7
TOTAAL	130	100	75	100

Die aantal respondente wat niks doen om te verseker dat jongooie beset raak nie, het afgeneem van 32,3 persent in 1990 tot 12,0 persent in 2004.



4.2 Koggelramme

Koggelramme word gebruik voor die aanvang van die parseisoen om geslagsaktiwiteit by ooie te stimuleer. Die gebruik van koggelramme is nie slegs geskik om ooie te stimuleer om op hitte te kom nie, dit verseker ook 'n korter lamperiode. Volgens navorsing lam ongeveer 80 persent van die ooie gedurende die eerste 14 dae en ongeveer 90-100 persent gedurende die eerste 21 dae (Coetzee, 1989). Ondersoek is ingestel na die mate waartoe Dorperboere koggelramme gebruik en die bevindinge word in Tabel 4.2 aangetoon.

Tabel 4.2 Die mate waartoe Dorperboere koggelramme voor paartyd by ooie gebruik.

Tydsduur-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
N.v.t.-geen koggelramme	122	93,8	42	72,4
10-21 dae	4	3,1	11	19,0
Enige ander periode	4	3,1	5	8,6
TOTAAL	130	100	58	100

Volgens die bevindinge in Tabel 4.2 het die aantal respondente wat wel van koggelramme gebruik maak ten einde die geslagsaktiwiteit by ooie te stimuleer, toegeneem van 6,2 persent in 1990 tot 27,6 persent in 2004. Die oorgrote meerderheid maak egter glad nie van koggelramme gebruik nie (93,8 persent in 1990 en 72,4 persent in 2004). 'n Aanneme kan gemaak word dat Dorperboere van mening is dat die Dorperskaap in elk geval 'n vrugbare ras is en dat koggelramme nie nodig is om die vrugbaarheid te verhoog nie. Volgens Ackermann (1993) is die moeite en koste om koggelramme te maak, die onsekerheid of die gebruik van koggelramme wel 'n bydrae lewer tot 'n verhoogde reproduksiesyfer en die feit dat koggelramme addisioneel tot die ander troppe op die plaas aangehou moet word, van die belangrikste redes waarom koggelramme minimaal gebruik word.

4.3 Bestuurspraktyke gedurende lamtyd

4.3.1 Skeiding van ooie met meerlinge van ooie met enkelinge

Dit is noodsaaklik dat meerlinge tydens lamtyd effektief geïdentifiseer en doeltreffend gemerk word ten einde daarvoor te selekteer. Dit is raadsaam om ooie wat as meerlinge gebore is, te gebruik as vervangingsooie. Cloete & De Villiers (1987) noem dat ooie wat as meerlinge gebore is gemiddeld nege lammers per 100 ooie gelam meer produseer as ooie wat as enkelinge gebore

is. Onderzoek is ingestel na die mate waartoe Dorperboere ooie met meerlinge van ooie met enkelinge tydens lamtyd skei en die gegewens word in Tabel 4.3.1 aangetoon.

Tabel 4.3.1 Mate waartoe Dorperboere ooie met meerlinge van ooie met enkelinge skei.

Skeidings- kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Ja	49	37,7	27	41,5
Soms	18	13,8	10	15,4
Nee	63	48,5	28	43,1
TOTAAL	130	100	65	100

Volgens die bevindinge in Tabel 4.3.1 het die aantal respondente wat op 'n gereelde basis ooie met meerlinge van ooie met enkelinge skei, toegeneem van 37,7 persent in 1990 tot 41,5 persent in 2004. Dit is raadsaam om hierdie twee groepe van mekaar te skei om sodoende meer aandag te skenk aan die meerlingooie en hulle afsonderlik te versorg. Die aantal respondente wat glad nie ooie met meerlinge van ooie met enkelinge skei nie, het afgeneem van 48,5 persent in 1990 tot 43,1 persent in 2004.

4.3.2 Toesighouding tydens lamtyd

Die bestuurspraktyke wat tydens lamtyd gevolg word het 'n invloed op onder andere die doeltreffendheid waarvolgens vir fekunditeit geselekteer word. Toesighouding tydens lamtyd moet van so 'n aard wees dat meerlinglammers doeltreffend geïdentifiseer en gemerk word en lamvrektes voorkom word. Volgens Cloete (1991) is goeie bestuur tydens lamtyd 'n vereiste indien lamvrektes as gevolg van moeilike geboortes en die verhongering-verwaarlosing-blootstelling-kompleks (VVB-kompleks) beperk wil word.

Ondersoek is ingestel na die doeltreffendheid van toesighouding tydens lamtyd en die gegewens word in Tabel 4.3.2 aangetoon.

Tabel 4.3.2 Doeltreffendheid waarvolgens Dorperboere toesig hou tydens lamtyd.

Toesig-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Doen feitlik niks t.o.v. toesighouding	27	20,8	14	21,2
Deeglike inspeksie 1 of 2 maal per week, kyk daaglik by drinkplekke	86	66,2	20	30,3
Daaglikse inspeksie om probleme te identifiseer en meerlinge te merk	17	13,1	32	48,5
TOTAAL	130	100	66	100

Volgens die gegewens in Tabel 4.3.2 het die aantal respondente wat daaglikse inspeksie doen tydens lamtyd en hul meerlinge identifiseer en merk, toegeneem van slegs 17 persent in 1990 tot 48,5 persent in 2004. Ongeveer 20 persent van die respondente doen steeds feitlik niks ten opsigte van toesighouding tydens lamtyd nie. Sekere van hierdie respondente huldig die mening dat daar nie te veel met die lammerooie gelol moet word nie en hulle wil verhoed dat die ooie van hul lammers geskei word.

PARINGSFREKWENSIE EN KRUISTELING

5.1 Paringsfrekwensie

Die Dorper het 'n lang teelseisoen en is vir die uitsluitlike doel van vleisproduksie ontwikkel. Sommige Dorperboere laat hul Dorperooie, onder

goeie veldtoestande, drie keer in twee jaar lam, terwyl ander boere hul ooie slegs een maal per jaar laat lam. Ander boere laat loop hul ramme heeljaar tussen die ooie en daar is dus geen sprake van 'n vaste teelseisoen nie. Navorsing (Ackermann, 1993) toon dat soveel as 73 persent van Dorperboere die mening huldig dat 'n definitiewe paarseisoen 'n hoë bydrae tot verhoogde vrugbaarheid in die kudde lewer. Onderzoek is gedoen na die mate waartoe verskillende paringsfrekwensies deur Dorperboere toegepas word en die bevindinge word in Tabel 5.1.1 aangetoon.

Tabel 5.1.1 Paringfrekwensies soos deur Dorperboere toegepas

Paringfrekwensie	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Paar ooie 3 maal in 2 jaar	58	44,6	37	62,7
Paar ooie 1 keer per jaar	52	40,0	16	27,1
Ramme loop heelyd by ooie	20	15,4	6	10,2
TOTAAL	100	100	59	100

Dit blyk uit Tabel 5.1.1 dat die praktyk waar ramme voortdurend by die ooie loop, deur 'n minderheid van die respondente toegepas word en dat die aantal respondente wat van hierdie praktyk gebruik maak, afgeneem het van 15,4 persent in 1990 tot 10,2 persent in 2004. Dit is ook opvallend dat die praktyk waar drie maal in twee jaar gepaar word, redelik algemeen toegepas word en die aantal respondente wat van hierdie praktyk gebruik maak, het toegeneem van 44,6 persent in 1990 tot 62,7 persent in 2004.

5.1.1 Ramme voortdurend by ooie

Uit die gegewens in Tabel 5.1.1 blyk dit dat 'n afnemende persentasie van die respondente (slegs 10,2 persent in 2004) hul ramme heeljaar by die ooie los. Onderzoek is ingestel na die populêrste voordele van so 'n praktyk en die bevindinge word in Tabel 5.1.1.1 aangetoon.

Tabel 5.1.1.1 Populêrste voordeel van 'n praktyk waar die ramme voortdurend by die ooie bly

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen voordele of weet nie	1	46,2	1	39,0
Ooie raak beset as hulle reg is vir lam	2	24,6	2	26,7
Verkoop dwarsdeur die jaar lammers	3	20,0	3	24,3
Vergemaklik bestuur	5	2,3	4	6,2
Ander	4	6,9	5	3,8
TOTAAL		100		100

Die gegewens in Tabel 5.1.1.1 dui daarop dat 'n groot hoeveelheid van die respondente geen voordeel aan so 'n praktyk verbode sien nie (46,2 persent in 1990 en 39,0 pesent in 2004). Respondente wat wel van hierdie praktyk gebruik maak het aangetoon dat die twee populêrste voordele verbode aan hierdie praktyk daarin gesetel is dat daar voortdurend lammers gebore word (goeie kontantvloei) en dat die ooie beset raak as hulle reg is vir die ram.

Ondersoek is ook ingestel na die populêrste nadele verbode aan 'n praktyk waar die ramme voortdurend by die ooie loop en die bevindinge word in Tabel 5.1.1.2 aangetoon.

Die persepsie dat bestuur bemoelik word, is deur 24,6 persent van die respondente in 1990 en 29,4 persent van die respondente in 2004 as die populêrste nadeel geïdentifiseer. Ander faktore, soos dat lammers voortdurend gebore word en daar gevolglik byna altyd klein en groot lammers in dieselfde trop is (23,8 persent in 1990 en 26,9 persent in 2004) en dat oorslaan- en

Tabel 5.1.1.2 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar ramme voortdurend by die ooie bly.

Nadeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen nadele of weet nie	4	4,6	6	0,8
Bemoeilik bestuur	1	24,6	1	29,4
Lammers voortdurend gebore, groot en klein lammers in een trop	2	23,8	2	26,9
Kan nie oorslaan- en onvrugbare ooie identifiseer nie	3	20,8	3	26,6
Onsekerheid oor aantal lammers wat sekere tye van jaar kan bemark	5	1,5	4	11,8
Ander	1	24,6	5	4,4
TOTAAL		100		100

onvrugbare ooie nie geïdentifiseer en uitgeskot kan word nie (20,8 persent in 1990 en 26,6 persent in 2004) dra ook daartoe by dat bestuur bemoeilik word.

5.1.2 Paring van ooie een maal per jaar

In die ondersoek is gekyk na die populêrste voordele verbonde aan 'n praktyk waar ooie slegs een maal per jaar gepaar word en die bevindinge word in Tabel 5.1.2.1 aangetoon.

Volgens die bevindinge in Tabel 5.1.2.1 het die aantal respondente wat van mening is dat daar geen voordele aan hierdie praktyk verbonde is nie, afgeneem van slegs 8,5 persent in 1990 na 'n skrale 3,8 persent in 2004. Die afleiding kan gemaak word dat respondente ten gunste is van die praktyk waar ooie slegs een maal per jaar gepaar word. 'n Ander voordeel wat deur die

Tabel 5.1.2.1 Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar ooie een maal per jaar gepaar word

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen voordele	4	8,5	6	3,8
Ooie in goeie kondisie met paartyd	2	23,8	3	19,7
Ooie maak lammers goed groot	3	16,9	1	22,6
Kan onvrugbare ooie identifiseer en uitskot	5	6,2	2	21,9
Lammers het goeie massa op jong ouderdom	5	6,2	5	11,9
Hoë lampersentasie	6	4,6	4	16,6
Ander	1	33,8	7	3,4
TOTAAL		100		100

respondente uitgewys is, is dat hierdie praktyk bestuur op die plaas vergemaklik. Nog populêre voordele is dat ooie in 'n goeie kondisie is met paartyd en hulle lammers goed kan grootmaak.


Ondersoek is ook ingestel na die populêrste nadele verbonde aan die praktyk waar ooie slegs een maal per jaar gepaar word en die bevindinge word in Tabel 5.1.2.2 aangetoon.

Volgens die bevindinge in Tabel 5.1.2.2 is die meerderheid respondente van mening dat die populêrste nadeel aan 'n praktyk waar ooie slegs een maal per jaar gepaar word, die verkryging van minder lammers is as by ander praktyke (33,1 persent van die respondente in 1990 en 36,1 persent van die respondente in 2004). 'n Groot aantal respondente (28,5 persent in 1990 en 27,0 persent in 2004) is ook van mening dat die stelsel tot 'n swakker

Tabel 5.1.2.2 Populêrste nadele verbonde aan 'n praktyk waar ooie een maal per jaar gepaar word

Nadeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen nadele	4	11,5	4	5,6
Kry minder lammers aan as met ander praktyke	1	33,1	1	36,1
Swak kontantvloei – kry slegs 1 maal per jaar lammers aan	2	28,5	3	27,0
Oorslaanoie word eers na jaar weer gedek	5	13,1	2	30,5
Ander	3	13,8	5	0,8
TOTAAL		100		100

kontantvloei lei. Aangesien die ooie slegs een maal per jaar gepaar word, kom daar slegs een maal per jaar lammers aan. Gevolglik moet die boer sy hoofbron van inkomste een maal per jaar ontvang, naamlik wanneer hy sy slaglammers bemark (Ackermann, 1994).



5.1.3 Drie maal in twee jaar paar

Ondersoek is ingestel na die populêrste voordele verbonde aan 'n praktyk waar die ooie drie maal in twee jaar gepaar word en die bevindinge word in Tabel 5.1.3.1 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 5.1.3.1 toon dat die mees populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar die ooie drie maal in twee jaar gepaar word, is die feit dat meer lammers, oor 'n jaar tydperk bereken, aankom. Nog 'n voordeel wat redelik sterk steun geniet het onder die respondente (23,8 persent van die respondente in 1994 en 31,8 persent van die respondente in 2004), is die beter kontantvloei wat met hierdie praktyk gepaardgaan. Ooie wat drie maal in twee

Tabel 5.1.3.1 Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar ooie drie maal in twee jaar gepaar word

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen voordele of weet nie	3	10,8	4	6,1
Kry meer lammers aan oor 'n jaar gereken	1	53,8	1	38,2
Beter kontantvloei	2	23,8	2	31,8
Kan beter selekteer omdat ooie elke 8 maande lam	5	3,8	3	23,1
Ander	4	7,7	5	0,9
TOTAAL		100		100

jaar gepaar word, het tot gevolg dat daar gedurende een jaar van die tweejaarsiklus twee lamtye per jaar is. Gevolglik is daar elke tweede jaar twee maal lammers per jaar wat bemark kan word. Op hierdie wyse word inkomste meer eweredig oor die verloop van 'n jaar versprei. Kontantvloei speel 'n deurslaggewende rol in Dorperboere se besluitnemingsproses wat betref die toepassing van verskillende teelseisoene (Ackermann, 1993). Die aantal respondente wat van mening is dat hul beter seleksie kan toepas met hierdie paarpraktyk het toegeneem van slegs 3,8 persent in 1990 tot 23,1 persent in 2004. Dié respondente is van mening dat daar elke agt maande ootjies is waaruit vervangingsooie geselekteer kan word en sodoende word seleksievordering vergroot.

Die populêrste nadele verbonde aan hierdie praktyk is ook ondersoek en die bevindinge word in Tabel 5.1.3.2 aangetoon.

Tabel 5.1.3.2 Populêrste nadele verbonde aan 'n praktyk waar ooie drie maal in twee jaar gepaar word

Nadeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen nadele of weet nie	1	25,8	3	18,4
Ooie herwin nie kondisie voor paartyd	2	23,4	1	35,5
Te veel stremming op ooi om 3 maal in 2 jaar te lam	4	16,9	2	27,3
Skep bestuursprobleme	5	11,3	4	13,7
Ander*	3	22,6	5	18,4
TOTAAL		100		100

*Ander nadele verbonde aan hierdie paarpraktyk wat respondente uitgelig het, is onder andere dat die veld te straf bewei word en sommige lammers onder swak voedingstoestande gebore word. Gevolglik sukkel die boer soms om die lammers markklaar te kry.

'n Groot aantal van die respondente (25,8 persent in 1990 en 18,4 persent in 2004) is van mening dat daar geen nadele verbonde is aan 'n praktyk waar ooie drie maal in twee jaar gepaar word nie. 'n Populêre nadeel wat wel deur die respondente ondervind is, is dat ooie nie hul kondisie voor die volgende paarseisoen kan herwin nie en dit mag lei tot 'n swakker besettings-, lam- en speenpersentasie. Gevolglik word daar te veel stremming op die ooi geplaas aangesien sy nog nie in top kondisie is wanneer sy weer gepaar word nie.

Die relatiewe belangrikheid van die voordele verbonde aan 'n praktyk waar ooie drie maal in twee jaar gepaar word, word oor die algemeen hoër aangeslaan as die nadele. Gevolglik geniet dié praktyk 'n relatief hoë toepassingsvlak.

KRUISTELING

6.1 Mate waartoe Dorperboere kruisteling toepas

Sommige Dorperboere is van mening dat hul Dorpers soms met ander rasse moet kuis ten einde die “goeie eienskappe” van die ander rasse te benut. Ondersoek is ingestel na die mate waartoe Dorperboere kruisteling met vetstertrasse (Afrikaner, Persie of Van Rooy) toepas en die bevindinge word in Tabel 6.1 aangetoon.

Tabel 6.1 Mate waartoe Dorperboere hul Dorperooie met vetstertrasse kuis

Kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Nee	115	88,5	61	92,4
Soms	6	4,6	2	3,0
Ja	9	6,9	3	4,5
TOTAAL	130	100	66	100

Die gegewens in Tabel 6.1 toon dat die aantal respondente wat wel (soms) gebruik maak van kruisteling met vetstertrasse, afgeneem het van 11,5 persent in 1990 tot slegs 7,5 persent in 2004. Die oorgrote meerderheid van die respondente (88,5 persent in 1990 en 92,4 persent in 2004) maak glad nie gebruik van kruisteling met enige vetstertrasse nie.

6.2 Kruisteling

Ondersoek is ingestel na die populêrste voordele verbonde aan kruisteling met vetstertrasse en die bevindinge word in Tabel 6.2.1 aangetoon.

Tabel 6.2.1 Populêrste voordele verbonde aan kruisteling van Dorperooie met ramme van vetstertrasse

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen voordele of weet nie	1	55,3	1	52,8
Nageslag meer gehard of aanpasbaar	2	26,0	2	17,8
Lammers bereik goeie massa op jong ouderdom	3	12,2	4	4,7
Nageslag is meer vrugbaar	4	4,1	3	20,1
Lammers gradeer goed vanaf veld	5	2,4	4	4,7
TOTAAL		100		100

Die bevindinge in Tabel 6.2.1 toon dat meer as die helfde van die respondente van mening is dat daar geen voordele verbonde aan kruisteling met vetstertrasse is nie. Diegene wat wel kruisteling toepas, is van mening dat die nageslag meer gehard en aanpasbaar is as die suiwer geteelde Dorper. Die aantal respondente wat van mening is dat die nageslag van ooie wat gekruis is met vetstertrasse, meer vrugbaar as die suiwer Dorperskaap is, het toegeneem van slegs 4,1 persent in 1990 tot 20,1 persent in 2004.

Die populêrste nadele verbonde aan kruisteling is ook ondersoek en die bevindinge word in Tabel 6.2.2 aangetoon.

Die populêrste nadeel verbonde aan kruisteling wat deur die respondente uitgelig is, is die feit dat die lammers oorvet is en gevolglik swakker gradeer. Nog 'n groot persentasie van die respondente (28,0 persent in 1990 en 33,5 persent in 2004) was van mening dat daar nie genoeg suiwer Dorperooitjies is om as vervangingsooie vir die Dorperteelkudde te dien nie. Nieteenstaande die

Tabel 6.2.2 Populêrste nadele verbonde aan kruisteling van Dorperooie met ramme van vetstertrasse

Nadeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen nadele of weet nie	3	16,8	3	11,8
Lammers is oorvet en gradeer swakker	1	52,3	1	44,1
Het nie suiwer Dorperooie as vervangingsooie nie	2	28,0	2	33,5
Nageslag nie so gehard en aanpasbaar	4	2,8	4	8,7
Nageslag is minder vrugbaar	5	0,0	5	1,9
TOTAAL		100		100

uitgeligde nadele, pas die oorgrote meerderheid respondente glad nie kruisteling met vetstertrasse toe nie.

6.3 Suiwerteling van Dorperooie/Nie-kruisteling

Aangesien die oorgrote meerderheid van die respondente nie van kruisteling gebruik maak nie, is ondersoek ingestel na die populêrste voordele verbonde aan die teenoorgestelde van kruisteling, naamlik suiwerteling van Dorperskape of nie-kruisteling. Die resultate word in Tabel 6.3.1 aangetoon.

Volgens die bevindinge in Tabel 6.3.1 het die oorgrote meerderheid van die respondente in 1990 (40,8 persent) die populêrste voordeel van hierdie praktyk resorteer onder 'Ander'. Die belangrikste voordeel wat onder 'Ander' na vore getree het, was die persepsie dat suiwer Dorperskape beter of mooier lyk as gekruisde diere. Die estetiese aspek van Dorperboerdery was dus vir die

respondente van groot belang. In 2004 was die oorgrote meerderheid respondente (41,2 persent) van mening dat die populêrste voordeel verbode

Tabel 6.3.1 Populêrste voordeel verbode aan nie-kruisteling van
Dorperskape met vetstertrasse

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen voordele of weet nie	4	12,3	4	0,8
Hoef nie suiwer ooie as vervangingsooie in te koop nie	2	26,9	2	31,2
Lammers gradeer beter	3	15,4	1	41,2
Hoef nie aparte trop diere aan te hou nie	5	4,6	3	26,7
Ander	1	40,8	5	0,0
TOTAAL		100		100

aan hierdie praktyk die feit is dat suiwer Dorperlammers beter gradeer. 'n Relatief groot hoeveelheid van die respondente het die feit dat daar nie suiwer Dorperooitjies ingekoop moet word om as vervangingsooie in die suiwer Dorperteelkudde te dien nie as die tweede populêrste voordeel genoem. Van die respondente in 2004 is 26,7 persent van mening dat die praktyk die bestuur op die plaas vergemaklik aangesien hulle nie 'n aparte trop diere hoof aan te hou nie.

Ondersoek is ingestel na die populêrste nadele verbode aan 'n praktyk van nie-kruisteling en die bevindinge word in Tabel 6.3.2 aangetoon.

Die oorgrote meerderheid van die respondente in 1990 sowel as in 2004 was van mening dat daar geen nadele aan hierdie praktyk verbode is nie of het nie geweet wat die nadele is nie. Dit is in ooreenstemming met die hoë toepassingsvlak van nie-kruisteling, naamlik 88,5 persent van die respondente in 1990 en 92,4 persent van die respondente in 2004 (Tabel 6.1.1).

Tabel 6.3.2 Populêrste nadeel verbonde aan nie-kruisteling van Dorperooie met ramme van vetstertrasse

Nadeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Geen nadele of weet nie	1	80,8	1	69,7
Suiwer Dorperlammers het nie so 'n goeie massa op vroeë ouderdom nie	2	6,9	3	10,3
Kan nie suiwer Dorperlammers direk van die veld bemark nie	4	3,1	4	5,7
Suiwer Dorperlammers gradeer swakker as direk van veld bemark word	5	0,8	2	11,4
Ander	3	8,5	5	2,9
TOTAAL		100		100

Kruisteling is 'n praktyk wat deur slegs 'n klein persentasie Dorperboere tot 'n mindere of meerdere mate toegepas word. Die afleiding kan gemaak word dat die respondente oor die algemeen tevrede is met die suiwer Dorperskaap en dat hulle nie poog om die Dorperskaap deur middel van kruisteling te verbeter nie. Die belang van die estetiese aspek van die Dorperskaapboerdery het ook aansienlik afgeneem oor die laaste dekade en ekonomiese eienskappe is van groter belang vir die Dorperboer.

KASTRASIE EN AFRONDING

7.1 Kastrasie van ramlammers

Sommige boere kastreer hul ramlammers op 'n gemiddelde ouderdom van vier weke om diere minder aggressief te maak en om ongewenste dragtigheid by

ooie te voorkom. Navorsing toon egter dat intakte Dorperlammers vinniger gegroei het en beter oogspierontwikkeling en minder rugvet as hamelammers vertoon (Campbell, 1983). Vetneerlegging by ramlammers vind stadiger plaas as by hamelammers en daarom handhaaf ramlammers 'n vinniger groeitempo. Wanneer lammers voor bemerking in 'n voerkraal afgerond word, kan ramlammers langer ekonomies gevoer word, aangesien meer energie vereis word om vet te vorm as spier (Ackermann, 1994).

Ondersoek is ingestel na die mate waartoe Dorperboere hul ramlammers kastreer en die bevindinge word in Tabel 7.1.1 aangetoon.

Tabel 7.1.1 Mate waartoe Dorperboere hul ramlammers kastreer

Kastrasie-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Ja	112	86,2	51	77,3
Soms	10	7,7	11	16,7
Nee	8	6,2	4	6,1
TOTAAL	130	100	66	100

Volgens die bevindinge in Tabel 7.1.1 kastreer die oorgrote meerderheid van die respondente wel hul ramlammers (86,2 persent in 1990 en 77,3 persent in 2004). Slegs 'n baie klein persentasie van die respondente het aangetoon dat hulle glad nie van kastrasie gebruik maak nie.

Die hoë toepassingsvlak van kastrasie van ramlammers impliseer dat daar belangrike voordele aan so 'n praktyk verbode behoort te wees en gevolglik is ondersoek ingestel na die populêrste voordele verbode aan kastrasie. Die bevindinge word in Tabel 7.1.2 aangetoon.

Tabel 7.1.2 Populêrste voordeel verbonde aan die kastrasie van ramlammers

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Weet nie of geen	5	0,8	5	6,0
Jaag nie ootjies	1	70,8	1	32,6
Groei beter	2	13,1	2	22,5
Gradeer beter	3	7,7	4	17,1
Hoef nie aparte trop rammetjies aan te hou nie	4	3,8	3	20,5
Ander	4	3,8	6	1,4
TOTAAL		100		100

Uit Tabel 7.1.2 blyk dit dat die populêrste voordeel van kastrasie die persepsie is dat die hamellammers nie die ootjies jaag nie en gevolglik meer energie vir groei kan benut. Nog 'n populêre voordeel is die feit dat hamellammers, volgens die respondente, beter groei as ramlammers. Kastrasie van ramlammers vergemaklik ook die bestuur op die plaas, aangesien die boer nie 'n aparte trop ramlammers hoef aan te hou nie. Voordele wat respondente onder "Ander" geklassifiseer het, is onder andere die voorkoming van geslagsiektes en die persepsie dat hamellammers gouer markgereed is.

Ondersoek is ingestel na die populêrste nadele verbonde aan kastrasie en die bevindinge word in Tabel 7.1.3 aangetoon.

Volgens die gegewens in Tabel 7.1.3 het die aantal respondente wat kastreerskok as populêrste nadeel van kastrasie aangedui het, afgeneem van 60,8 persent in 1990 tot 38,8 persent in 2004. Hierdie respondente is van mening dat die lam se groei teruggesit word met kastrasie as gevolg van die sogenaamde kastreerskok. Die aantal respondente wat die gevaar van lamvrektes met kastrasie as populêre nadeel aangedui het, het toegeneem van 10,8 persent in 1990 tot 20,4 persent in 2004. 'n Relatief groot persentasie van

Tabel 7.1.3 Populêrste nadele verbonde aan die kastrasie van ramlammers

Nadeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Weet nie of geen	2	23,1	3	20,1
Kastrasie sit lam terug	1	60,8	1	38,8
Gevaar verbonde aan lamvrektes	3	10,8	2	20,4
Meer arbeid	4	4,6	4	19,7
Ander	5	0,8	5	1,0
TOTAAL		100		100

die respondente het aangetoon dat daar geen nadele verbonde is aan die kastrasie van ramlammers nie of het nie geweet wat die nadele is nie. Die hoeveelheid respondente wat van mening is dat kastrasie meer onkoste as gevolg van meer arbeid teweeg bring, het toegeneem van slegs 4,6 persent in 1990 tot 19,7 persent in 2004. 'n Moontlike rede hiervoor kan die drastiese verhogings in arbeidskoste oor die laaste paar jaar wees.

7.2 Nie-kastrasie van ramlammers

Onderzoek is ingestel na die praktyk waar ramlammers nie voor bemerking gekastreer word nie en die populêrste voordele verbonde aan hierdie praktyk word in Tabel 7.2.1 aangetoon.

Volgens die bevindinge in Tabel 7.2.1 beskou die meerderheid respondente die afwesigheid van die kastreerskok as die populêrste voordeel (41,5 persent van die respondente in 1990 en 36,1 persent van die respondente in 2004). Die aantal respondente wat van mening is dat die gevaar van lamvrektes (as gevolg van klem-in-die-kaak) afneem wanneer die lam nie gekastreer word nie, het toegeneem van 3,1 persent in 1990 tot 19,3 persent in 2004. 'n Relatiewe groot aantal respondente is van mening dat die lam 'n swaarder slagmassa het

Tabel 7.2.1 Populêrste voordele verbonde aan die praktyk waar ramlammers nie gekastreer word nie.

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Weet nie of geen	2	29,2	4	12,6
Sit nie lam terug nie	1	41,5	1	36,1
Lam het swaarder slagmassa	3	18,5	3	16,5
Minder lamvrektes	5	3,1	2	19,3
Minder arbeid nodig	4	3,8	5	9,8
Geen ekstra koste nie	4	3,8	6	5,6
TOTAAL		100		100

wanneer dit nie gekastreer word nie. Die afleiding kan gemaak word dat die lammers nie benadeel word as gevolg van kastreerskok nie en gevolglik beter groei.

Die nadele verbonde aan die praktyk waar ramlammers nie gekastreer word nie is ook ondersoek en die bevindinge word in Tabel 7.2.2 aangetoon.

Tabel 7.2.2 Populêrste nadele verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers nie gekastreer word nie

Nadeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Volgorde	%	Volgorde	%
Jaag ootjies	1	78,3	1	37,6
Gradeer swakker	2	10,1	2	20,7
Aparte trop rammetjies	3	7,0	4	19,8
Groei swakker	4	3,1	3	20,1
Ander	5	1,6	5	1,8
TOTAAL		100		100

Alhoewel die meerderheid respondente die feit dat die ramlammers die ootjies jaag as populêrste nadeel aangedui het, het die aantal respondente wat so dink afgeneem van 78,3 persent in 1990 tot slegs 37,6 persent in 2004. Die aantal respondente wat van mening is dat ramlammers wat nie voor bemarking gekastreer word nie, swakker gradeer as gekastreerde ramlammers, het toegeneem van 10,1 persent in 1990 tot 20,7 persent in 2004. Nog 'n belangrike nadeel verbonde aan hierdie praktyk is die feit dat die respondent 'n aparte trop rammetjies moet aanhou om te verhoed dat die rammetjies die ootjies jaag.

7.3 Bemarking van Speenlammers

Die Dorper is 'n vleisras en om oorvet karkasse te voorkom, stel Louw (1986) 'n bemarkingsriglyn van 32 tot 35 kilogram lewende gewig voor. Die lewende massas waarop Dorperboere hul slaglammers bemark is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 7.3.1 aangetoon.

Tabel 7.3.1 Lewende massas waarop Dorperboere hul slaglammers bemark

Lewende massa- Kategorieë (kg)	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
≤30	4	3,1	1	1,5
31-35	37	28,5	7	10,6
36-40	76	58,8	48	72,7
41-45	11	8,5	7	10,6
>45	2	1,5	3	4,5
TOTAAL	130	100	66	100

Volgens die bevindinge in Tabel 7.3.1 is die gemiddelde lewende massa waarop die lammers bemark word aansienlik hoër as die grense van 32 tot 35 kilogram, soos deur Louw (1986) voorgestel. Die aantal respondente wat hul lammers bemark op 'n lewende massa van 36 tot 42 kilogram lewende gewig,

het toegeneem van 58,8 persent in 1990 tot 72,7 persent in 2004. Die afleiding kan gemaak word dat respondente hul lammers op 'n swaarder lewende gewig bemark as 10 jaar gelede.

Campbell (1983) beveel aan dat kuddelammers teen 'n ouderdom van ongeveer 140 dae bemark moet word. Tot op die ouderdom van vyf maande behoort ramslammers nie swakker te gradeer as gevolg van sekondêre geslagsontwikkeling nie (Louw, 1986). Ondersoek is ingestel na die gemiddelde ouderdom waarop respondente hul slaglammers bemark en die bevindinge word in Tabel 7.3.2 aangetoon.

Tabel 7.3.2 Ouderdom waarop Dorperboere hul slaglammers bemark

Bemarkings-ouderdom kategorieë (Dae)	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Weet nie	1	0,8	1	1,5
≤100	7	5,5	5	7,3
101-120	34	26,2	17	25,0
121-140	29	22,3	22	32,4
141-160	43	33,1	15	22,1
>160	16	12,3	8	11,8
TOTAAL	130	100	68	100


Uit Tabel 7.3.2 is dit duidelik dat die respondente in 2004 hul lammers op 'n jonger ouderdom bemark as 14 jaar gelede. Die aantal respondente wat hul lammers bemark op die gemiddelde ouderdom van 121 tot 140 dae, het toegeneem van 22,3 persent in 1990 tot 32,4 persent in 2004. Die aantal respondente wat hul slaglammers op 141 tot 160 dae ouderdom bemark, het afgeneem van 33,1 persent in 1990 tot 22,1 persent in 2004.

Die afleiding kan gemaak word dat respondente deesdae daarna streef om lammers op 'n vroeër ouderdom, maar op 'n swaarder lewende massa te

bemark as 14 jaar gelede. Daar is gekyk na die afrondingspraktyke wat die boere toepas voor bemarking en dit word in die volgende afdeling bespreek.

7.4 Behandeling van lammers voor bemarking

Die Dorperskaap is geteel na aanleiding van 'n behoefte wat ontstaan het na 'n geharde vleisras wat goed aangepas is by die ariede, ekstensiewe boerderygebiede en wat 'n slaglam van goeie kwaliteit kan produseer (Erasmus, 1986). Volgens Anoniem (1988) hou die afronding van Dorperlammers in 'n voerkraal verskeie voordele in, onder andere 'n gunstiger prys per kilogram, beter voeromsetting, 'n vinniger omset van kapitaal en die feit dat lammers op 'n vroeër ouderdom van die beskikbare weiding onttrek word. Bykans die helfde van die aanteeloor se behoefte aan droë materiaal word sodoende gespaar. Aangesien die volwasse ooi die natuurlike weiding baie meer doeltreffend vir onderhoud benut as wat die lam dit vir vleisproduksie benut, is dit oor die langtermyn meer ekonomies om meer lammers teen 'n laer winsmarge per lam as minder lammers teen 'n hoër winsmarge per lam te bemark (Ackermann, 1994).




Onderzoek is ingestel na die mate waartoe Dorperskaapboere die verskillende afrondingspraktyke toepas en die bevindinge word in Tabel 7.4.1.1 aangetoon.

Volgens die bevindinge in Tabel 7.4.1.1 het die aantal respondente wat hul Dorperlammers direk van die moeder af bemark, sonder enige kruipvoeding, afgeneem van 92,3 persent in 1990 tot 65,4 persent in 2004. Die aantal respondente wat hul Dorperlammers direk van die moeder en die veld af bemark, maar wat wel kruipvoeding verskaf, het toegeneem van 3,8 persent in 1990 tot 10,3 persent in 2004. Die hoeveelheid Dorperboere wat hul lammers op die plaas afrond na speen, het ook aansienlik toegeneem van 'n skrale 3,1 persent in 1990 tot 19,2 persent in 2004.

Tabel 7.4.1.1 Mate waartoe Dorperboere verskillende afrondingspraktyke toepas.

Afrondingspraktyke	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Direk van moeder sonder kruipvoeding	120	92,3	51	65,4
Direk van moeder, maar met kruipvoeding	5	3,8	8	10,3
Rond lammers op plaas af na speen	4	3,1	15	19,2
Bemark deur kommersiële voerkraal	1	0,8	4	5,1
TOTAAL	130	100	78	100

Veranderende toestande, bv. droogtes, mag aanleiding gee dat Dorperboere soms 'n alternatiewe afrondingspraktyk moet toepas. Onderzoek is ingestel na die mate waartoe Dorperboere 'n alternatiewe afrondingspraktyk toepas en die bevindinge word in Tabel 7.4.1.2 aangetoon.



Tabel 7.4.1.2 Mate waartoe Dorperboere 'n alternatiewe afrondingspraktyk volg indien omstandighede verander.

Kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
Nee	12	9,2	10	15,9
Ja	118	90,8	53	84,1
TOTAAL	130	100	63	100

Volgens die bevindinge in Tabel 7.4.1.2 het die oorgrote meerderheid van die respondente (90,8 persent in 1990 en 84,1 persent in 2004) aangetoon dat hulle van 'n alternatiewe afrondingspraktyk gebruik maak as omstandighede dit vereis. Die afleiding kan gemaak word dat die omstandighede wat heers voor

en tydens die afrondingsperiode 'n bepalende invloed het op die afrondingspraktyk wat gevolg word.

Omstandighede wat vereis dat die afrondingspraktyk verander moet word, sluit in droogtes, vleispryse, wisselende reënval, kontantvloei, ens. Onderzoek is ingestel na die belangrikste redes wat daartoe aanleiding gee dat 'n Dorperboer die afrondingspraktyk van sy lammers verander en die bevindinge word in Tabel 7.4.1.3 aangetoon.

Tabel 7.4.1.3 Redes wat daartoe lei dat Dorperboere hul lammers volgens 'n alternatiewe praktyk afrond

Redes	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
N.v.t.- verander nie praktyk	12	4,9	2	2,0
Droogte	105	42,9	49	50,0
Wisselende reënval	49	20,0	11	11,2
Kontantvloei	6	2,4	31	31,6
Vleispryse	4	1,6	2	2,1
Weet nie	60	24,5	1	1,0
Ander	9	3,7	2	2,1
TOTAAL	245	100	98	100

Volgens die gegewens in Tabel 7.4.1.3 is droogtes die populêrste rede waarom respondente 'n alternatiewe afrondingspraktyk toepas. Klimaat speel dus 'n belangrike rol in die besluit van respondente om hul afrondingspraktyke te verander. Die aantal respondente wat kontantvloei as die populêrste rede aangedui het, het drasties toegeneem van slegs 2,4 persent in 1990 tot 31,6 persent in 2004. Ander faktore, soos vleispryse, speel 'n minder belangrike rol.

Ondersoek is ingestel na die alternatiewe afrondingspraktyk wat deur Dorperboere gevolg word indien omstandighede hulle daartoe dwing en die bevindinge word in Tabel 7.4.1.4 aangetoon.

Tabel 7.4.1.4 Alternatiewe afrondingspraktyk deur Dorperboere gevolg indien deur omstandighede vereis.

Alternatiewe afrondings- praktyke	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
N.v.t. - verander nie bemarkingsmetode	12	9,2	3	3,8
Direk van moeder, sonder kruipvoeding	0	0,0	21	26,9
Direk van moeder, maar met gee van kruipvoeding	10	7,7	18	23,1
Rond lammers in voerkraal op plaas af	103	79,2	29	37,2
Bemark lammers deur kommersiële voerkraal	5	3,8	7	9,0
TOTAAL	130	100	78	100

Volgens die bevindinge in Tabel 7.4.1.4 het die aantal respondente wat as alternatief hul lammers speen, van die weiveld onttrek en in 'n kraal op die plaas afrond, afgeneem van 79,2 persent in 1990 tot 37,2 persent in 2004. Daar is 'n toenemende neiging van respondente om as 'n alternatief hul lammers direk van die moeder (van die veld) te bemark. Van die respondente sal 23,1 persent in hierdie geval wel kruipvoeding aan die lammers verskaf, terwyl 26,9 persent van die respondente die lammers direk van die moeder, sonder die gee van kruipvoeding bemark. Ander afrondingspraktyke, soos die gebruik van 'n kommersiële voerkraal, het 'n relatief lae toepassingsvlak.

Die populêrste voor- en nadele van die verskillende afrondingspraktyke is bepaal en word vervolgens bespreek.

7.5 Bemaking van lammers direk van die moeder af

Ondersoek is ingestel na die populêrste voordele verbonde aan die afrondingspraktyk waar slaglammers direk van die moeder (van veld) sonder kruipvoeding bemark word, en die bevindinge word in Tabel 7.5.1 aangetoon.

Tabel 7.5.1 Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder bemark word

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	%	Volgorde	%	Volgorde
Weet nie of geen	0,8	5	0,0	6
Meer winsgewend	56,9	1	42,3	1
Groei beter	19,2	2	14,6	4
Slag beter uit	10,8	3	14,9	3
Bespaar arbeid	1,5	4	11,9	5
Vergemaklik bestuur	10,8	3	16,3	2
TOTAAL	100		100	

Volgens die gegewens in Tabel 7.5.1 is die meerderheid van die respondente (56,9 persent in 1990 en 42,3 persent in 2004) van mening dat die populêrste voordeel van hierdie afrondingspraktyk die feit is dat dit meer winsgewend as die ander afrondingspraktyke is. Dit is in ooreenstemming met die bevindinge van Anoniem (1988) dat die winsmarge per lam met hierdie afrondingspraktyk hoër is. Nog 'n populêre voordeel deur die respondente gemeld, is die feit dat hierdie afrondingspraktyk bestuur en toesighouding in die kudde vergemaklik. 'n Groot aantal respondente het gemeld dat lammers wat direk van die moeder (van die veld) bemark word, beter groei. Die afleiding kan gemaak word dat

lammers wat direk van die moeder af bemark word, nie aan speenskok onderhewig is nie en daarom beter groei.

Die populêrste nadeel verbonde aan hierdie afrondingspraktyk is ook ondersoek en die bevindinge word in Tabel 7.5.2 aangetoon.

Tabel 7.5.2 Populêrste nadeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder bemark word

Nadeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	%	Volgorde	%	Volgorde
Weet nie of geen nadele	57,4	1	22,8	1
Ooie kan nie so gou weer gepaar word nie	16,4	2	16,6	3
Lam groei swakker	11,5	3	14,0	5
Kan minder aantelwee aanhou	4,9	4	14,3	4
Sukkel om lammers markklaar te kry	4,1	5	17,6	2
Lammers slag swakker uit	3,3	6	10,7	6
Weiding word nie goed benut nie	2,5	7	3,9	7
TOTAAL	100		100	

Aangesien die oorgrote meerderheid van die respondente hierdie afrondingspraktyk toepas, is dit nie vreemd dat die meeste respondente (57,4 persent in 1990 en 22,8 persent in 2004) van mening is dat daar geen nadele aan hierdie praktyk verbonde is of dat hulle nie geweet het wat die nadele is nie (Tabel 7.5.2). Die aantal respondente wat van mening is dat hulle sukkel om die lammers markklaar te kry met hierdie afrondingspraktyk, het sterk toegeneem van 4,1 persent in 1990 tot 17,6 persent in 2004. Nog 'n populêre nadeel wat deur die respondente aangedui is, is die feit dat die ooie nie so gou weer

gepaar kan word nie. Volgens Ackermann (1993) behoort dit slegs 'n nadeel te wees by boere wat hul ooie drie maal in twee jaar paar en die respondente waar die ramme voortdurend by die ooie loop. In die geval waar die ooie een maal per jaar gepaar word, gaan die ooi in elk geval net tydens die jaarlikse paringstyd gepaar word.

7.6 Bemaking van lammers direk van moeder, maar met gee van kruipvoeding

Daar is ondersoek ingestel na die populêrste voordele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder, maar met die gee van kruipvoeding, bemark word. Die bevindinge word in Tabel 7.6.1 aangetoon.

Tabel 7.6.1 Populêrste voordele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder, maar met gee van kruipvoeding, bemark word

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	%	Volgorde	%	Volgorde
Geen voordele of weet nie	21,5	3	6,0	6
Lammers groei beter	33,1	1	22,1	2
Lammers gouer markklaar	23,8	2	26,8	1
Lammers gradeer beter	10,8	4	13,9	4
Kan ooie gouer herpaar	4,6	5	11,2	5
Ooie swaarder by paring	2,3	7	4,9	7
Ander	3,8	6	15,0	3
TOTAAL	100		100	

'n Populêre voordeel van hierdie afrondingspraktyk is dat lammers gouer markklaar is (23,8 persent van respondente in 1990 en 26,8 persent van respondente in 2004). Die aantal respondente wat van mening is dat daar geen voordele verbonde aan hierdie praktyk is nie, of wat nie weet wat die voordele is nie, het afgeneem van 21,5 persent in 1990 tot 'n skrale 6,0 persent

in 2004. Respondente wat voel dat die ooie gouer weer gepaar kan word met hierdie praktyk, het toegeneem van 4,6 persent in 1990 tot 11,2 persent in 2004. Indien die lam kruipvoeding by sy moeder ontvang, word die stremming op die ooi verlig en massaverlies van die lakterende ooi word beperk. Dit het op sy beurt weer 'n positiewe invloed op die reproduksievermoë van die ooi. As die ooie swaarder by paring is, lei dit tot 'n hoër besettings- en lampersentasie (Ackermann, 1994). Ander voordele verbonde aan die praktyk waar lammers direk van die moeder, maar met die gee van kruipvoeding bemark word, is onder andere die verhoogde inkomste as gevolg van beter gradering en massa van die lammers.

Die populêrste nadele verbonde aan hierdie praktyk is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 7.6.2 aangetoon.

Tabel 7.6.2 Populêrste nadele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder, maar met die gee van kruipvoeding bemark word

Nadeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	%	Volgorde	%	Volgorde
Geen nadele of weet nie	8,9	3	9,0	5
Verhoogde insetkoste	45,2	1	37,9	1
Geen ekonomiese voordeel	31,4	2	9,6	4
Groter vereistes aan bestuur	8,1	4	24,9	2
Koste van voerkrippe	6,4	5	18,6	3
TOTAAL	100		100	

Volgens die bevindinge in Tabel 7.6.2 is die populêrste nadeel verbonde aan hierdie afrondingspraktyk die verhoogde insetkoste (45,2 persent van die respondente in 1990 en 37,9 persent van die respondente in 2004). Hierdie insetkoste sluit die kostes verbonde aan die aankoop van kruipvoerrantsoen, fassiliteite vir die voorsiening van kruipvoeding en verhoogde arbeid in. Die

hoeveelheid respondente wat van mening is dat hierdie afrondingspraktyk geen ekonomiese voordeel inhou nie, het afgeneem van 31,4 persent in 1990 tot 9,6 persent in 2004. In 2004 was aansienlik meer respondente (43,5 persent teenoor die 14,5 persent in 1994) van mening dat die groter vereiste aan bestuur en arbeid en die addisionele koste verbonde aan die oprigting van voerkrippe as populêre nadele verbonde aan hierdie afrondingspraktyk beskou kan word.

7.7 Afronding van lammers na speen op die plaas of in 'n kommersiële voerkraal

Sommige Dorperboere maak gebruik van die afrondingspraktyk waar die lammers na speen in 'n voerkraal op die plaas of in 'n kommersiële voerkraal afgerond word. Hierdie praktyk word oorwegend toegepas indien omstandighede, soos droogtes, die boer daartoe dwing. Die populêrste voordele verbonde aan hierdie praktyk is ondersoek en die bevindinge word in Tabel 7.7.1 aangetoon.

Tabel 7.7.1 Populêrste voordeel verbonde aan 'n praktyk waar lammers na speen op die plaas afgerond of na 'n voerkraal gestuur word

Voordeel-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	%	Volgorde	%	Volgorde
Geen voordele of weet nie	9,8	5	6,1	7
Spaar weiding	27,9	1	11,7	5
Lammers gradeer beter	19,7	2	15,5	4
Lammers is swaarder	18,0	3	19,8	2
Kan ooie gouer herpaar	15,6	4	16,9	3
Verhoogde inkomste	4,9	6	20,4	1
Ooie is swaarder by paring	4,1	7	9,6	6
TOTAAL	100		100	

Die hoeveelheid respondente wat verhoogde inkomste, as gevolg van beter gradering en massa, as populêrste voordeel verbonde aan hierdie afrondingspraktyk aangedui het, het drasties toegeneem oor die laaste 14 jaar van 'n skrale 4,9 persent in 1990 tot 20,4 persent in 2004. Die aantal respondente wat van mening is dat hierdie afrondingspraktyk weiding spaar en dat hul sodoende meer aanteelwee kan aanhou, het afgeneem van 27,9 persent in 1990 tot 11,7 persent in 2004. 'n Relatief groot aantal respondente is van mening dat die afronding van lammers in 'n voerkraal daartoe lei dat die lammers beter gradeer en ook swaarder is. Die feit dat die ooie swaarder is by herparing lei daartoe dat die ooie gouer weer gepaar kan word en dit behoort 'n positiewe invloed op die lam- en speenpersentasies uit te oefen (Ackermann, 1994).

Die populêrste nadele verbonde aan hierdie afrondingspraktyk is ook ondersoek en die bevindinge word in Tabel 7.7.2 aangetoon.

Tabel 7.7.2 Populêrste nadele verbonde aan 'n praktyk waar lammers na speen op die plaas afgerond of na 'n voerkraal gestuur word


Nadeel- kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	%	Volgorde	%	Volgorde
Geen nadele of weet nie	5,7	4	0,6	5
Verhoogde insetkoste	47,5	1	39,4	1
Geen ekonomiese voordeel	32,0	2	15,3	3
Groter vereistes aan bestuur	13,1	3	30,3	2
Koste van voerkrippe	1,6	5	14,4	4
TOTAAL	100		100	

Volgens die gegewens in Tabel 7.7.2 is die populêrste nadeel verbonde aan hierdie afrondingspraktyk die groter insetkoste as gevolg van die aankoop van voer, die verhoogde arbeid en die nodige fassiliteite (47,5 persent van die respondente in 1990 en 39,4 persent van die respondente in 2004). Die aantal

respondente wat die groter vereistes aan arbeid en bestuur as populêre nadeel uitgelig het, het toegeneem van 13,1 persent in 1990 tot 30,3 persent in 2004. Die hoeveelheid respondente wat die kostes verbonde aan die oprigting van voerkrippe as 'n groot nadeel van die praktyk geïdentifiseer het, het toegeneem van 1,6 persent in 1990 tot 14,4 persent in 2004. Die afleiding kan gemaak word dat die populêrste nadele verbonde aan hierdie afrondingspraktyk ekonomies van aard is. Indien die omstandighede die boer daartoe dwing, word hierdie praktyk algemeen toegepas, nieteenstaande die belangrikheid van die nadele met ekonomiese implikasies (Ackermann, 1994).

DOELTREFFENDHEID VAN DORPERSKAAPBOERDERY

'n Goeie reproduksieprestasie is 'n voorvereiste vir 'n winsgewende vleisskaapboerdery. Meyer (1985) noem dat reproduksie, tesame met die massatoename van die lam, twee eienskappe is wat 'n baie groot invloed op vleisskaapboerdery het. Daarom is die speenpersentasie en fekunditeit van groot ekonomiese belang vir die Dorperboer.



8.1 Fekunditeit

Fekunditeit is die term wat gebruik word om die aantal lammers gebore per 100 ooie gelam aan te dui en dit hou dus verband met meerlinggeboortes (Ackermann, 1994). Ondersoek is ingestel na die gemiddelde fekunditeit van die Dorperooie in die opnamegebied en die bevindinge word in Tabel 8.1 aangedui.

Die gemiddelde fekunditeit van die Dorperskaap in 2004 is effens hoër as die gemiddelde fekunditeit in 1994 (1.20 in 2004 teenoor die 1.17 in 1990). 'n Fekunditeit van 1.20 impliseer dat vir elke 100 Dorperooie wat gelam het, is daar 120 lammers gebore. Bykans 20 persent van die ooie het dus tweeling

Tabel 8.1 Gemiddelde fekunditeit van Dorperooie in die opnamegebied

	Ackermann (1990)	Van Niekerk (2004)
Hoeveelheid lammers gebore	134 941	6720
Hoeveelheid ooie gelam	115 314	5600
Fekunditeit	1.17	1.20

geproduseer in 2004 teenoor die 17 persent in 1994. Respondente in 2004 het aangedui dat hulle fekunditeit tydens die ondersoek laag was as gevolg van droogtes wat die gebied geteister het.

Volgens die bevindinge in Tabel 3.4.1 het slegs 63,0 persent van die respondente in 1990 meerlinggeboortes verwelkom en hierdie syfer het toegeneem na 88,9 persent in 2004. Die afleiding kan dus gemaak word dat sodoende praktyke toenemend deur Dorperboere toegepas word en dat Dorperboere daarna streef om die fekunditeit van 1,20 verder te verhoog.

8.2 Speenpersentasies

Speenpersentasie word uitgedruk as die aantal lammers gespeen per 100 lammers gebore. Speenpersentasie is die grootste enkele faktor wat die winsgewendheid van 'n skaapboerdery bepaal en dit is ook 'n belangrike ekonomiese maatstaf waaraan die doeltreffendheid van skaapboerdery gemeet kan word (Coetzee, 1991).

Die speenpersentasies is ondersoek en die gegewens word in Tabel 8.2 aangetoon.

Die bevindinge in Tabel 8.2 dui daarop dat die gemiddelde speenpersentasie oor die laaste 14 jaar aansienlik afgeneem het. In 1990 was 23,9 persent van die respondente se gemiddelde speenpersentasie hoër as 111 persent teenoor die skrale 7,8 persent van die respondente in 2004. Die hoeveelheid

respondente wat 'n gemiddelde speenpersentasie van kleiner as 95 persent gehad het, het toegeneem van 44,6 persent in 1990 tot 66,7 persent in 2004.

Tabel 8.2 Speenpersentasies van Dorperooie volgens die gegewens van Dorperboere

Speenpersentasie-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
≤80	16	12,3	11	21,6
81-95	42	32,3	23	45,1
96-110	41	31,5	13	25,5
111-125	27	20,8	2	3,9
>125	4	3,1	2	3,9
TOTAAL	130	100	51	100

'n Moontlike rede vir hierdie afname in gemiddelde speenpersentasies in 2004 is die droogtetoestande wat in die land geheers het.

Volgens Terblanche (1987) toon die aantal lammers gebore per 100 ooie gepaar 'n hoogs betekenisvolle verwantskap met speenpersentasie. Die boer wat 'n hoë speenpersentasie nastreef, moet dus teen swak moederseienskappe en oorslaanoë selekteer sodat 'n hoë lampersentasie verkry kan word. Dit kan verkry word deur doeltreffende toesighouding tydens lamtyd.

8.3 Lamvrektes

Hoë lamvrektes het 'n negatiewe uitwerking op die doeltreffendheid en winsgewendheid van Dorperskaapboerdery in plaaslike skaapkuddes. Ongeveer 80 persent van lamvrektes vind in die tydperk net voor geboorte tot ongeveer sewe dae na geboorte (perinatale tydperk) plaas. 'n Hoë mortaliteit gaan gepaard met regstreekse inkomste verliese en het ook ander nadelige

gevolge, onder andere minder doeltreffende seleksie. Intensiewe bestuur en goeie toesighouding is van kardinale belang indien lammortaliteite as gevolg van moeilike geboortes en die verhongering-verwaarlosing-blootstelling-kompleks beperk wil word (Cloete, 1991).

Ondersoek is ingestel na die persentasie lammers wat gevrek het vanaf geboorte tot speen en die bevindinge word in Tabel 8.3.1 aangetoon.

Tabel 8.3.1 Lammortaliteite (%) vanaf geboorte tot speen

Mortaliteits- kategorieë (%)	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
≤5	93	71,5	23	41,8
6-10	28	21,5	13	23,6
11-15	7	5,4	12	21,8
>15	2	1,5	7	12,7
Gemiddeld	4,9		9,7	

Die gegewens in Tabel 8.3.1 dui daarop dat die gemiddelde lamvrektes vanaf geboorte tot speen toegeneem het van 4,9 persent in 1990 tot 9,7 persent in 2004. Die vraag ontstaan nou of die intensiwiteit van die toesighouding en bestuur tydens lamtyd afgeneem het en of daar ander oorsake is vir hierdie toename in gemiddelde lamvrektes. Vervolgens is ondersoek ingestel na die belangrikste oorsake van die lamvrektes volgens die persepsie van die Dorperboere. Die bevindinge word in Tabel 8.3.2 aangetoon.

Die gegewens in Tabel 8.3.2 dui daarop dat die meeste respondente ongediertes as die belangrikste oorsaak van lamvrektes beskou (41,5 persent van die respondente in 1990 en 37,6 persent van die respondente in 2004). Daar moet ook in gedagte gehou word dat die ongedierte-probleem toeneem in droogtetoestande. Die aantal respondente wat siektes (virus-, bakteriële- of metaboliese siektes) as 'n belangrike oorsaak van lamvrektes sien, het

Tabel 8.3.2 Belangrikste oorsake van lamvrektes vanaf geboorte tot speen volgens die persepsie van Dorperboere

Oorsaak-kategorieë	Ackermann (1990)		Van Niekerk (2004)	
	Getal	%	Getal	%
N.v.t – geen vrektes	3	2,4	0	0,0
Ongediertes	54	42,5	47	37,6
Doodgebore	20	15,7	15	12,0
Ongunstige weerstoestande	15	11,8	17	13,6
Siektes	14	11,0	2	1,6
Swak moederseienskappe	9	7,1	14	11,2
Onvoldoende toesig	4	3,2	5	4,0
Droogte	4	3,2	24	19,2
Ander	4	3,2	1	0,8
TOTAAL	127	100	125	100

afgeneem van 11,0 persent in 1990 tot slegs 1,6 persent in 2004. Onvoldoende voedingstoestande as gevolg van droogtes speel 'n al groter rol in lamvrektes en die hoeveelheid respondente wat hierdie faktor as belangrike oorsaak van lamvrektes aangedui het, het toegeneem van 3,2 persent in 1990 tot 19,2 persent in 2004. Onvoldoende toesig word nie as 'n belangrike oorsaak van lamvrektes aangevoer nie. Ander oorsake van lamvrektes wat deur die respondente uitgelig is, is onder andere diefstal, moeilike geboortes en swak of gebrekkige lammers.

GEVOLGTREKKING

In die studie is daar 'n toename in die gemiddelde ouderdom van Dorperboere gevind. 'n Groter persentasie boere gaan voort met hul boerdery al het hul 'n ouderdom van 60 jaar bereik. Ten opsigte van formele opleiding blyk dit dat Dorperboere in 2004 oor 'n hoër vlak van naskoolse opleiding beskik as 14 jaar gelede. Hierdie hoër vlakke van opleiding lei tot beter begripsvaardighede by respondente en 'n belofte van aanvaardingsgeneigdheid ten opsigte van wetenskaplik beproefde boerderypraktyke.

Ten opsigte van die strewes van Dorperboere is gevind dat respondente toenemend na hoër lampersentasies streef. Hierdie strewes kan as positiewe krag gesien word in die verandering van die betrokke respondent se gedrag. Die belangrikste hindernis in die weg van doelbereiking en in verhoging in doeltreffendheid is egter droogtes.

Verskeie aspekte wat met voeding en weiveldbestuurspraktyke verband hou, is ondersoek. Die persentasie boere wat prikkelvoeding van ooie en ramme toepas, het toegeneem van 1990 tot 2004. Heersende voedingstoestande sal egter die doeltreffendheid van prikkelvoeding beïnvloed. Dragtige en lakterende ooie word grotendeels in spaarveld gejaag (26,2 persent in 1990 en 39,1 persent in 2004) en ontvang dan byvoeding.

Uit die ondersoek na seleksiepraktyke is gevind dat vrugbaarheid asook bouvorm en grootte as relatief belangrike seleksie-eienskappe geïdentifiseer is onder boere in 1990 sowel as in 2004. Ten opsigte van die seleksie vir ouderdom, kyk die meerderheid boere na die slytasie van die skaap se tande en na sy kondisie (45,5 persent van die respondente in 1990 en 60,2 persent van die respondente in 2004).

Ten opsigte van die teelpraktyke in Dorperkuddes is gevind dat die gemiddelde paringsouderdom in beide 1990 en 2004 10 maande was. Die hoeveelheid boere wat hul jongooie voor 12 maande ouderdom paar, het toegeneem van 67,7 persent in 1990 tot 78,5 persent in 2004. 'n Jongooi moet so gou moontlik reproduseer om 'n inkomste te genereer. Bevindinge dui daarop dat die gebruik van koggelramme nie veel aftrek onder Dorperboere kry nie (93,8 persent van respondente in 1990 en 72,4 persent van respondente in 2004). Boere is van mening dat die Dorperskaap in elk geval 'n vrugbare ras is en koggelramme onnodig is.

In die studie is gekyk na die paringsfrekwensies en kruisteling. Daar is gevind dat meeste boere (84,6 persent in 1990 en 89,8 persent in 2004) van 'n vaste teelseisoen gebruik maak. Respondente wat gebruik maak van kruisteling met vetstertrasse het afgeneem van 11,5 persent in 1990 tot 7,5 persent in 2004. Dorperboere wat wel kruisteling toepas is van mening dat die kruisgeteelde Dorperskape nog meer gehard is.

Ten opsigte van kastrasie van ramlammers is gevind dat 'n groot persentasie van die respondente wel hul ramlammers kastreer voor bemarking. Die rede hiervoor is hoofsaaklik dat ongekastreerde lammers nie die oitjies jaag nie en meer energie vir groei kan benut. Lammers word ook op 'n jonger ouderdom en swaarder lewende massa bemark as veertien jaar gelede. Ekonomiese oorwegings bepaal steeds in 'n groot mate watter afrondingspraktyk onder bepaalde toestande toegepas word.

Die doeltreffendheid van Dorperskaapboerdery word in 'n groot mate beïnvloed deur die reproduksieprestasie van die skaap. Die gemiddelde fekunditeit van die Dorperskaap in 2004 was effens hoër (1,20) as in 1990 (1,17). Die gemiddelde speenpersentasie was egter laer in 2004 as in 1990 as gevolg van die droogtes wat in die land geheers het.

Lamvrektes het 'n negatiewe uitwerking op die doeltreffendheid en winsgewendheid van Dorperskaapboerdery. Gemiddelde lamvrektes van geboorte tot speen het toegeneem van 4,9 persent in 1990 tot 9,7 persent in 2004. Die vernaamste redes hiervoor is ongediertes en die swak voedingstoestande as gevolg van die droogtes.

Die algemene bestuurspraktyke van Dorperboere het aansienlik verbeter oor die laaste 14 jaar en al meer boere maak gebruik van moderne (wetenskaplik beproefde) boerderypraktyke. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar in 2004 'n groter persentasie stoet- en kuddeboere was as in 1990. (88 persent in 2004 en 21,5 persent in 1990).

Vanweë die aanpasbaarheid, gehardheid en funksionele doeltreffendheid van die Dorperskaap word die Dorperboer in staat gestel om met minimum insetkoste slaglammers van gehalte kostedoeltreffend en met laer risiko's te produseer.



VERWYSINGS

1. Ackermann, J.J., 1993. 'n Studie van Dorperskaapboerdery in die Dorperlandgebied.
2. Anoniem, 1988. Die Dorperskaap – Uitstaande Kenmerke. Dorper, Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika.
3. Bindon, B.M. & Piper, L.R., 1979. Assessment of new and traditional techniques of selection for reproduction rate.
4. Campbell, Q.P., 1983. Maak geld met vleisskape. Dreyer-Drukkers, Bloemfontein.
5. Cloete, S.W.P., 1990. Gebruik tweeling as vervangingsooie. Goue Vag, Augustus : 11.
6. Cloete, S.W.P., 1991. Keep those Lambs Alive. Farmers Weekly, 22 March 1991 : 12-13.
7. Cloete, S.W.P. & De Villiers, T.T., 1987. Reproduksie- en groeieresultate van 'n kommersiële Dorperkudde op ekstensiewe veldweiding. Dorper Nuus 41, 8-9.
8. Coetzee, J., 1989. Die bestuur van 'n skaapkudde in die Wes-Kaap. Dept. Skaap- en Wolkunde, Universiteit van Stellenbosch.
9. Coetzee, J., 1991. Verhoog skaapkuddes se reproduksietempo. Goue Vag, Augustus : 12.
10. De Klerk, C.H., Duvel, C.H. & Terreblanche, E. le F., 1983. 'n Ondersoek na Wolskaapboerdery in die Republiek van Suid-Afrika. Verslag: BKB, Port Elizabeth.
11. Erasmus, L.S., 1986. The non-wooled mutton breeds. In: The small stock industry in South-Africa. Government Printer, Pretoria.
12. Ferreira, A.V., 2001. Veekunde 324. Klasnotas.
13. Jordaan, J.B., 1968. Merinoteling. In Swart, J.C. Die skaap en sy vag.
14. Jurgens, A.H., 2002. Feedlot performance and essential amino acid growth requirements of Dorper lambs.

15. Kolbé, F.F.H., 1965. Die rol van kennis in die aanvaarding van Landbou-ontwikkelingspraktyke. D.Sc.Agric.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
16. Kotze, J. de K., Nel, J.W., Nel, J.A. & Schoeman, S.J., 1977. Die generasie-interval van die Suid-Afrikaanse Vleismerino. S.-Afr.Tydskr. Week. 7 (1).
17. Louw, C.J., 1986. Bemarking van lammers. Direkoraat Landbou-Inligting, Pretoria.
18. Meyer, J., 1985. Ekonomiese faktore betrokke by stoetteling. Dorper Nuus 36, 27.
19. Rogers, E.M., 1983. Diffusion of innovations. New York, The Free Press.
20. Spedding, C.R.W., 1970. Sheep Production and Grazing Management. Baillière, Tindall and Cassell, London.
21. Terblanche, E. le F., 1967. Die voorligkundige implikasies van bewaringsboerderytoestande in die Bo-Oranje-opvanggebied. D. Inst. Agrar.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
22. Terblanche, E. le F., 1987. 'n Studie van die Angorabokbedryf in die Republiek van Suid-Afrika. D.Sc.Agric.-proefskrif, Universiteit van Fort Hare.
23. Van der Merwe, F.J., 1988. Dierevoeding. Kosmo-Uitgewers, Stellenbosch.
24. Van der Merwe, F.J. & Smith, W.A., 1991. Dierevoeding. Anim Sci (PTY) Ltd, Pinelands.
25. Van Zyl, D.P., 1962. 'n Studie van sekere sosio-ekonomiese faktore wat 'n invloed op die toepassing van weiveldbeheermaatreëls in die Swartland en Boshof-Wes Grondbewaringsdistrikte uitoefen. M.Sc.Agric.-tesis, Universiteit van Pretoria.
26. Van Zyl, D.P., 1967. Navorsing in Voorligting, D.Sc.Agric.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

BYLAAG A**VRAELYS GEBRUIK BY DORPERBOERE IN DIE OPNAMEGEBIED
2004****A: PERSOONLIKE INLIGTING**

Produsent se naam en adres

.....

.....

Produsent se ouderdom

Vraag 1

Hoogste opvoedkundige kwalifikasie?

1. Laer as matriek

2. Matriek


3. St. 6-10 plus ambag

4. Matriek plus enige diploma anders as 'n Landboudiploma

5. Landboudiploma

6. B-graad of verder

7. B.Agric./B.Sc.Agric. of verder

**Vraag 2**

Ten opsigte van u Dorperboerdery, is u 'n:

1. Stoetboer

2. Kuddeboer

3. Kombinasie

Vraag 3

Hoeveel kudde-ooie besit u (ooilammers buite rekening gelaat)?

TEEL- EN SELEKSIEPRAKTYKE**Vraag 4**

Wat beskou u as die drie belangrikste probleme in u poging om die doeltreffendheid van u dorperskaapboerdery te verhoog?

1. Geen ooreenkombare hindernisse
2. Teel- en seleksieprobleme

- | | |
|------------------------------------|-------|
| 3. Voedingsprobleme | |
| 4. Siekte- en siektebeheerprobleme | |
| 5. Finansiële probleme | |
| 6. Arbeid | |
| 7. Diefstal | |
| 8. Bestuursprobleme | |
| 9. Swak toekoms vir vleisbedryf | |
| 10. Droogtes | |
| 11. Ander | |

Vraag 5

Wat was u lampersentasie die afgelope lamseisoen? (Lampersentasie word uitgedruk as lammers gespeen per 100 ooie gepaar).

.....

Vraag 6

Wat was u speenpersentasie na die afloop van die vorige lamseisoen? (Speenpersentasie uitgedruk as lammers gespeen per 100 ooie gepaar).

.....

Vraag 7

Wat is, na u mening, die vier belangrikste eienskappe waarvoor 'n Dorperboer moet selekteer wanneer hy ooie vir opname in sy teelkudde selekteer? (Nommer in volgorde van afnemende belangrikheid).

- | | |
|------------------------------|-------|
| a) Tipe | |
| b) Bouvorm en grootte | |
| c) Vrugbaarheid | |
| d) Gehardheid/Aanpasbaarheid | |
| e) Kleur | |
| f) Vetverspreiding | |
| g) Bedekking | |
| h) Ander. Noem | |

Vraag 8

Van watter metode maak u gebruik om produserende kudde-ooie uit te skakel op grond van ouderdom? (Merk wat op toepassing)

- | | |
|---|-------|
| a) Skot volgens geboortedatum uit | |
| b) Deur te let op slytasie van tande en konstitusie van ooi | |

- c) Deur te let op slytasie van tande
 d) Skot visueel slegs op konstitusie uit
 e) Doen geen seleksie vir ouderdomme nie

Vraag 9

Watter persentasie van u kudde-ooie het u na afloop van die vorige lamseisoen uitgeskot vir ouderdom en ander foute/probleme?

.....

Vraag 10

Van watter metode maak u gebruik om kudderamme uit te skakel op grond van ouderdom? (Merk wat van toepassing).

- a) Telingsvoorskrifte vir optimale teelvordering
- b) Skot uit volgens ouderdom, konstitusie, toestand van tande en geslagsaktiwiteit
- c) Skot uit volgens toestand van hul tande
- d) Skot uit volgens konstitusie
- e) Skot glad nie ramme vir ouderdom uit nie.

Vraag 11

Wat doen u om te verseker dat ooie wat oorslaan in u kudde doeltreffend uitgeskakel word? (Merk wat van toepassing).

- a) Hou volledige reproduksierekords en skot oorslaanooie daarvolgens uit.
- b) Merk alle oorslaanooie en skot na 'n tweede kans uit.
- c) Probeer na lamseisoen oorslaanooie identifiseer en skot dan uit.
- d) Skakel oorslaanooie in 'n mate uit maar metodes ontbreek om dit suksesvol te doen. Slag byvoorbeeld sommige ooie wat droog lyk.
- e) Doen geen seleksie vir vrugbaarheid nie.

Vraag 12

Watter van die volgende praktyke sal u toepas om die vrugbaarheid in u kudde te verhoog?

- a) Gebruik van ramme wat as meerlinge gebore is.
- b) Skot alle oorslaanooie dadelik uit.
- c) Merk alle oorslaanooie en skot na tweede kans uit.

- d) Gebruik van koggelramme.
- e) Toepassing van 'n definitiewe paarseisoen.
- f) Selekteer vervangingsooie uit meerlinge.

Vraag 13

Watter metodes pas u toe om teen swak moedereienskappe te selekteer?

- a) Hou streng toesig tydens lamtyd en merk alle ooie met uiergebreke en die wat lammers weggooi en skot dan beide die ooi en haar lammers uit.
- b) Hou streng toesig tydens lamtyd en merk alle ooie met uiergebreke en die wat lammers weggooi en skot dan die ooi uit.
- c) Merk slegs ooie met opsigtelike uiergebreke en ooie wat lammers weggooi en skot dan die ooi uit.
- d) N.v.t. Skot nie vir swak moedereienskappe uit nie.


Vraag 14

Wat is die gemiddelde prys wat u vir kudderamme betaal? (R/ram)

.....

Indien die boer sy eie ramme teel, watter waarde sou u op hierdie ramme plaas? (R/ram)

.....



Vraag 15

Wat is die drie belangrikste eienskappe waarna u kyk wanneer u ramme aankoop of selekteer? (Nommer in volgorde van afnemende belangrikheid).

- a) Kleur
 b) Vetverspreiding
 c) Bouvorm en grootte
 d) Vrugbaarheid
 e) Geboortestatus
 f) Tipe
 g) Vleiseienskappe
 h) Bedekking
 i) Ander. Noem.

Vraag 16

Watter tipe paarpraktik pas u oorwegend in u Dorperskaapboerdery toe?

- a) Ramme bly voortdurend by ooie
- b) Paar een keer per jaar
- c) Paar drie keer in twee jaar
- d) Ander. Noem

Vraag 17

Wat beskou u as die drie belangrikste voordele verbonde aan 'n paarpraktik waar die ramme voortdurend by die ooie bly? (In volgorde van afnemende belangrikheid)

- a) Ooie raak beset as hulle reg is vir die lam
- b) Verkoop dwarsdeur die jaar lammers (goeie kontantvloei)
- c) Vergemaklik bestuur
- d) Ander. Noem.
- e) Weet nie
- f) Geen voordele

Vraag 18

Wat beskou u as die drie belangrikste nadele van 'n paarpraktik waar die ramme voortdurend by die ooie loop? (In volgorde van afnemende belangrikheid).

- a) Kan nie vasstel watter ooie onvrugbaar is of oorslaan nie
- b) Lammers gedurig gebore, dus groot en klein lammers in een trop.
- c) Onsekerheid oor die hoeveelheid lammers wat op sekere tye van die jaar bemark kan word.
- d) Ooie lam in 'n swak seisoen
- e) Bemoelijk bestuur
- f) Ander. Noem.
- g) Geen nadele

Vraag 19

Wat beskou u as die drie belangrikste voordele verbonde aan 'n paarpraktik waar slegs een maal per jaar gepaar en gelam word? (In volgorde van afnemende belangrikheid)

- a) Gesonde en lewenskragtige lammers word gebore
- b) Ooie maak lammers goed groot
- c) Kry lammers met goeie liggaamsmassa op jong ouderdom
- d) Lammers gradeer goed
- e) Kan onvrugbare ooie identifiseer en uitskot

- f) Ooie is in 'n goeie kondisie met paartyd
- g) Kry hoë lampersentasie
- h) Ander. Noem
- i) Geen voordele

Vraag 20

Wat beskou u as die drie belangrikste nadele verbonde aan 'n paarpraktyk waar slegs een maal per jaar gepaar en gelam word? (In volgorde van afnemende belangrikheid).

- a) Swak kontantvloei – kry slegs een maal per jaar geld in vir lamverkope
- b) Kry minder lammers aan as teenoor 3 maal lam in 2 jaar.
- c) As ooi oorslaan, neem sy 'n jaar voor sy weer gedek word
- d) Ander. Noem.
- e) Geen nadele

Vraag 21

Wat beskou u as die belangrikste voordele verbonde aan 'n paarpraktyk waar 3 maal in 2 jaar gepaar en gelam word? (In volgorde van afnemende belangrikheid).

- a) Kry meer lammers aan oor die tydperk van 'n jaar gereken
- b) Het beter kontantvloei uit inkomste uit lammers
- c) Kan beter selekteer deurdat daar elke 8 maande ooitjies is wat in die kudde opgeneem kan word.
- d) Ander. Noem.
- e) Geen voordele

Vraag 22

Wat beskou jy as die drie belangrikste nadele verbonde aan 'n paarpraktyk waar daar 3 maal in 2 jaar gepaar en gelam word? (In volgorde van afnemende belangrikheid).

- a) Ooie herwin nie kondisie voor volgende parseisoen nie
- b) Te veel stremming om ooie 3 maal in 2 jaar te laat lam
- c) Skep bestuursprobleme
- d) Ander. Noem.
- e) Geen nadele

Vraag 23

Op hoeveel maande ouderdom paar u u jongooie vir die eerste maal?

.....

Vraag 24

Wat is die minimum massa (as persentasie van volwasse liggaamsmassa) wat jongooie moet bereik voordat hulle suksesvol gepaar kan word?

- a) 65 – 70% van volwasse liggaamsmassa
- b) 65% en meer
- c) <60%

Vraag 25

Wat doen u om te verseker dat u jongooie beset raak gedurende paartyd? Merk die enkele belangrikste praktyk.

- a) Liggaamsmassa, paartyd en voeding is van kardinale belang. Die boer verseker dat die liggaamsmassa ten minste 65-75% van die volwasse liggaamsmassa is. Spaarveld of prikkelvoeding vanaf 2-3 weke voor paartyd of paar hulle met meer en ouer ramme vir langer.
- b) Verseker dat liggaamsmassa ten minste 65-75% van die volwasse liggaamsmassa is en gee prikkelvoeding.
- c) Sit net grootste ootjies by ram. Spaarveld of prikkelvoeding op veld waar nodig.
- d) Paar alle jongooitjies apart op die veld. Gee geringe byvoeding waar nodig.
- e) Doen niks om te verseker dat jongooitjies beset raak nie.
- f) N.v.t. – paar glad nie jongooie nie.

Vraag 26

Indien u van koggelramme gebruik maak, hoe lank voor die paarseisoen in aanvang neem plaas u hulle tussen die ooie?

- a) 10 – 21 dae
- b) Enige ander periode
- c) N.v.t. – Gebruik nie koggelramme nie.

Vraag 27

Hoeveel ooie het u die afgelope paarseisoen gepaar?

Vraag 28

Hoeveel van hierdie ooie gepaar, het nie gelam nie?

Vraag 29

Hoeveel lammers is gebore?

Vraag 30

Hoeveel lammers het u na afloop van die vorige lamseisoen gespeen?

.....

Vraag 31

Na watter lampersentasie streef u onder u besondere omstandighede?

.....

Vraag 32

Van die ooie gepaar, hoeveel was met paartyd

- a) Jongooie (tweetand en jonger)
- b) Viertand tot volbek
- c) Slyt tot baie oud
- d) Weet nie



.....

Vraag 33

Uit elke 100 ooie gepaar, hoeveel meerlinge het u aangekry?

.....

Vraag 34

Hoeveel lammers het van geboorte tot speenouderdom gevrek? (Lammers doodgebore word ingesluit).

.....

Vraag 35

Wat was die drie belangrikste oorsake (in volgorde van afnemende belangrikheid) van hierdie vrektes?

- a) Swak voedingstoestand weens droogte
- b) Ongediertes
- c) Ongunstige weerstoestand tydens lamtyd
- d) Moeders met swak moedereienskappe
- e) Doodgebore
- f) Siektes
- g) Onvoldoende toesig tydens lamtyd
- h) Ander. Noem.
- i) N.v.t. – geen vrektes.

Vraag 36

Verwelkom u dit dat u Dorperooie meerlinge lam?

Vraag 37

Indien nee, hoekom nie? Merk die drie belangrikste redes in volgorde van afnemende belangrikheid.

- a) Dorperooi kan net een lam ordentlik grootmaak
- b) Dorperooi gooi gewoonlik een van meerling weg
- c) Meerlinglammers het gewoonlik lewenslange agterstand
- d) Ekstra tyd en aandag aan meerlinglammers nie koste en moeite werd.
- e) 'n Hele aantal lammers moet hans grootgemaak word.
- f) Ander

**Vraag 38**

Skei u die ooie met meerlinge van die ooie met enkeling lammers?

- a) Ja
- b) Soms
- c) Nee

Vraag 39

Wat doen u in verband met toesighouding tydens lamtyd?

- a) Daaglikse inspeksies van die lammerooie om probleme te identifiseer en meerlinge te merk.
- b) Boer kyk daaglik by die drinkplekke en doen 'n deeglike inspeksie so 1 of 2 maal 'n week.
- c) Boer doen feitlik niks ten opsigte van toesighouding tydens lamtyd nie.

Vraag 40

Gee u aan die teelooie prikkelvoeding voor paartyd?

- a) Ja
- a) Gedeeltelik of soms
- b) Nee

Vraag 41

Indien wel, hoe en wanneer doen u dit?

- a) Goeie veldweiding plus byvoeding wat sodanig is dat ooie vanaf ongeveer 3 weke voor en ook gedurende paartyd in massa sal toeneem.
- b) Dieselfde as by (a), gee minder byvoeding maar daar is tog 'n geringe massatoename by die ooie.
- c) Voeding (veld en byvoeding) is sodanig dat ooie se massa voor en gedurende paartyd slegs gehandhaaf word.
- d) Pas prikkelvoeding gedeeltelik, maar onvoldoende toe.
- e) Pas geen prikkelvoeding toe nie.

Vraag 42

Gee u prikkelvoeding aan teelramme voor paartyd?

- a) Ja
- b) Gedeeltelik of soms
- c) Nee

**Vraag 43**

Indien wel, hoe en wanneer doen u dit?

- a) Voorsien byvoeding aan ramme 2 tot 3 maande voor paartyd ten einde goeie spermontwikkeling te verseker.
- b) Voorsien byvoeding aan ramme vanaf 3 weke voor paring sodat hulle in 'n groeiende toestand verkeer, maar nie oorvet word nie.
- c) Redelike veldtoestande tesame met 'n bietjie byvoeding verseker dat ramme in 'n redelike kondisie verkeer en hul liggaamsmassa handhaaf.
- d) Voorsien onvoldoende byvoeding aan ramme voor paartyd en veldtoestande is sodanig dat hulle beswaarlik hul liggaamsmassa handhaaf en eerder massa verloor voor paartyd.
- e) Gee geen byvoeding nie.

Vraag 44

Wat doen u om te verseker dat u dragtige en lakterende ooie in 'n goeie voedingstoestand te verkeer?

- a) Skenk spesiale aandag aan 'n voedingsprogram vanaf 3 weke voor tot 2 maande na lamtyd. Byvoeding geniet spesiale voorrang al loop ooie in spaarveld.
- b) Sorg dat ooie 2 tot 3 weke voor en 2 maande na lamtyd in spaarveld loop – gee so nou en dan byvoeding.
- c) Jaag ooie in spaarveld maar skenk geen spesiale aandag aan byvoeding voor of na lamtyd nie.
- d) Ooie moet op veld alleen klaarkom
 e) Skenk geen spesiale aandag aan voeding voor of na lam nie.

Vraag 45

Wat is volgens u die belangrikste rede waarom dit belangrik is om 'n hoë lampersentasie by Dorperskape te verseker?

- a) Kan strenger selekteer, meer lammers verkoop en groter genetiese vordering maak.
- b) Kan minder ooie aanhou en nogsteeds dieselfde aantal lammers bemark of met dieselfde getal ooie meer lammers bemark.

EKONOMIE**Vraag 46**

Wat is die jaarlikse bruto inkomste per ooi (R) wat u Dorperskape behaal?

.....

Vraag 47

Na watter jaarlikse bruto inkomste per ooi strew u om met u Dorperskape te bereik?

.....

BEMARKING VAN SPEENLAMMERS**Vraag 48**

Op watter massa (lewende gewig) bemark u slaglammers? (kg)

.....

Vraag 49

Hoe oud is sodanige lammers as u hulle bemark?

.....

Vraag 50

Wat was die gemiddelde prys wat u die afgelope jaar vir u lammers verkry het in R/lam?

.....

Vraag 51

Wat was die gemiddelde prys wat u die afgelope jaar vir u uitskotooie gekry het in R/ooi?

.....

Vraag 52

Onder normale omstandighede, watter persentasie van u lammers bemark u deur:

- a) beheerde slagpale
- b) spekulant
- c) privaat voerkraal
- d) vendusie



.....

Vraag 53

Weeg u u lammers voor bemarking?

- a) Ja
- b) Nee
- c) Soms

.....

Vraag 54

Kastreer u u ramlammers? (voor bemarking)

- a) Ja
- b) Soms
- c) Nee

.....

Indien ja, op watter ouderdom?

.....

Vraag 55

Wat beskou u as die 3 belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers gekastreer word in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Gradeer beter
- b) Jaag nie ootjies nie
- c) Groei beter
- d) Hoef nie nog 'n afsonderlike trop jong rammetjies aan te hou nie
- e) Ander. Noem
- f) Weet nie of geen voordele

Vraag 56

Wat beskou u as die 3 belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers gekastreer word in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Sit lam terug met kastrasie
- b) Gevaar van lamvrektes
- c) Koste verbonde aan kastrasie
- d) Arbeid verbonde aan kastrasie
- e) Ander. Noem
- f) Weet nie of geen nadele

**Vraag 57**

Wat beskou u as die 3 belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers nie voor bemarking gekastreer word nie in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Sit nie lam terug nie (geen kastreerskok)
- b) Geen addisionele koste
- c) Verminder gevaar van lamvrektes (a.g.v. klem-in-die-kaak)
- d) Minder arbeid nodig
- e) Swaarder slagmassa
- f) Gradeer beter
- g) Ander. Noem.
- h) Weet nie of geen voordele

Vraag 58

Wat beskou u as die 3 belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar ramlammers nie voor bemarking gekastreer word nie in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Gradeer swakker
- b) Jaag ootjies

- c) Groei swakker
- d) Moet 'n afsonderlike trop ramlammers aanhou
- e) Ander. Noem.
- f) Weet nie of geen nadele

Vraag 59

Van watter afrondingspraktyk maak u oorwegend gebruik vir die speenlammers wat u wil bemark?

- a) Bemark direk vanaf moeder (sonder kruipvoeding) van veld
- b) Bemark direk vanaf moeder, maar gee wel kruipvoeding
- c) Rond eers die lammers op die plaas af na speen
- d) Bemark deur voerkraal
- e) Ander. Noem.

Vrae 60-62

Wissel hierdie afrondingspraktyk na gelang van omstandighede?

- a) Ja
- b) Nee

Indien ja, watter 2 faktore het die belangrikste invloed op u besluit om 'n alternatiewe metode/praktyk toe te pas?

- a) Weet nie
- b) Droogte
- c) Vleispryse
- d) Wisselende reënval
- e) Kontantvloei
- f) Ander. Noem.
- g) N.v.t. – verander nie bemarkingsmetode

Watter alternatief sou u volg?

- a) Bemark direk vanaf moeder (van veld) sonder kruipvoeding
- b) Bemark direk vanaf moeder, maar gee kruipvoeding in veld by ma voor bemarking
- c) Rond eers die lammers op die plaas af na speen (eie voerkraal)
- d) Bemark lammers direk deur 'n kommersiële voerkraal
- e) N.v.t. – verander nie bemarkingsmetode

Vraag 63


Wat is die 3 belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk vanaf die moeder (veld) sonder kruipvoeding bemark word in die volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Meer winsgewend
- b) Vergemaklik bestuur en toesighouding
- c) Lammers groei beter
- d) Lammers slag beter uit
- e) Bespaar arbeid
- f) Geen voordele of weet nie

Vraag 64

Wat is die 3 belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk vanaf die moeder (veld) sonder kruipvoeding bemark word in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Kan minder aantelwee aanhou
- b) Ooie kan nie so gou weer gepaar word nie
- c) Lammers groei swakker
- d) Lammers slag nie so goed uit nie
- e) Weiding word nie baie doeltreffend benut nie
- f) Sukkel om lammers markklaar te kry op veld
- g) Weet nie of geen nadele

**Vraag 65**

Wat is na u mening die 3 belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder (van veld), maar met die gee van kruipvoeding bemark word in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Lammers gradeer beter
- b) Lammers groei beter
- c) Verhoogde inkomste a.g.v. beter gradering en massa
- d) Lammers is gouer markklaar
- e) Ooie kan gouer weer gepaar word
- f) Ooie is swaarder by paring wat lei tot 'n hoër besettings-
en lampersentasie
- g) Geen voordele of weet nie

Vraag 66


Wat is die 3 belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar lammers direk van die moeder (veld), maar met die gee van kruipvoeding bemark word in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Geen ekonomiese voordeel
- b) Groter vereistes aan bestuur en arbeid
- c) Groter insetkoste a.g.v. voer, arbeid en fasiliteite
- d) Koste verbonde aan oprigting van kruipvoerkippe
- e) Geen nadele of weet nie

Vraag 67

Wat is die 3 belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk waar lammers eers op die plaas na speen afgerond word of na 'n voerkraal gestuur word in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Lammers gradeer beter
- b) Lammers is swaarder
- c) Verhoogde inkomste a.g.v. beter gradering en massa
- d) Swaar weiding – kan meer aanteelvee aanhou
- e) Ooie kan gouer weer gepaar word
- f) Ooie is swaarder by paring wat lei tot 'n hoër besettings- en Lampersentasie
- g) Geen voordele of weet nie

**Vraag 68**

Wat is die 3 belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk waar lammers eers op die plaas na speen afgerond word op na 'n voerkraal gestuur word in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Geen ekonomiese voordeel
- b) Groter vereistes aan arbeid en bestuur
- c) Groter insetkoste a.g.v. voer, arbeid en fasiliteite
- d) Koste verbonde aan oprigting van voerkrippe
- e) Geen nadele of weet nie

Vraag 69

Pas u kruisteling by u Dorperooie toe deur van vetstert (Persie) of vetsterttipe ramme (Van Rooy of Afrikaner) gebruik te maak?

- a) Ja
- b) Soms
- c) Nee

Vraag 70


Wat is volgens u die 3 belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk van kruisteling met vetstert/vetsterttipes in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Lammers het goeie liggaamsmassa op vroeë ouderdom
- b) Lammers gradeer goed (beter as suiwer Dorperlam) vanaf veld.
- c) Nageslag is meer gehard/aanpasbaar
- d) Nageslag is meer vrugbaar
- e) Geen voordele of weet nie

Vraag 71

Wat is volgens u die 3 belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk van kruisteling met vetstert/vetsterttipes in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Lammers is oorvet en gradeer daarom swakker
- b) Het nie suiwer Dorperooitjies om as vervangingsooie te dien nie.
- c) Nageslag is nie so gehard/aanpasbaar
- d) Nageslag is minder vrugbaar
- e) Geen nadele of weet nie

**Vraag 72**

Wat is die drie belangrikste voordele verbonde aan 'n praktyk van nie-kruisteling met vetstert/vetsterttipes in volgorde van afnemende belangrikheid?

- a) Hoef nie suiwer Dorperooitjies in te koop nie
- b) Suiwer Dorperlammers gradeer beter
- c) Hoef nie nog 'n aparte groep diere aan te hou nie
- d) Ander. Noem
- e) Geen voordele of weet nie

Vraag 73

Wat is die 3 belangrikste nadele verbonde aan 'n praktyk van nie-kruisteling met vetstert/vetsterttipes in volgorde van afnemende belang?

- a) Suiwer Dorperlammers kan nie direk van die veld af
bemark word nie.
- b) Suiwer Dorperlammers het nie so 'n goeie liggaamsmassa
op 'n vroeë ouderdom nie
c) Suiwer Dorperlammers gradeer nie so goed indien direk van
die veld af bemark word nie
d) Ander. Noem
e) Geen nadele of weet nie

